

# SENWES SCENARIO

DIGITAAL

KLANTETYDSKRIF VIR PRODUSENTE

WINTER 2022



## FOKUS OP DIERESORG & VEE

**04** SENWES VERBREED SY  
GEOGRAFIESE TEENWOORDIGHEID

**10** THE DIVERSIFICATION AND THE  
INTEGRATION OF LIVESTOCK

**16** DIEREGESONDHEIDSMIDDELS  
ONGEREGISTREERD EN ONWETTIG

**22** SENWES EN BAYER VAT HANDE  
VIR KZN-NOODLENGING

**30** VUURWAPEN VEILIGHEID  
DIE JAGSEISOEN

Senwes



4

1

8

6

8

8

#Herbedink Landbou

0 50 100 150 200

Skaal

Herbedink  
die toekoms

1ste Vraag

A. Graad  
Witmielies

## Is JY 'n verskilmaker?

**H**et jy al ooit honger gaan slaap of jou kind met 'n leë maag bed toe gestuur? Die hartseer realiteit is dat meer as **40%** van alle Suid-Afrikaners nie genoeg kos het om te eet nie – 'n tendens wat verder vererger word deur die langtermyn impak van die Covid-19-pandemie. Die #AVCReliefUmbrella inisiatief poog om hierdie uitdaging aan te spreek en danksy die betrokkenheid van verskilmakers regoor Senwes se bedryfsvoetspoor word kwesbare gemeenskappe se waardigheid en hoop herstel deur skenkings van mielie-meel.

Danksy die betrokkenheid van ander agri-besighede en rolspelers in die landbouwaardeketting, kry die #AVCReliefUmbrella dit reg om met elke ton witmielies wat geskenk word, in meer as **1 450 mense** se daaglikse voedselbehoefte te voorsien. Op hierdie manier is daar al **41 624** sakkies **5kg** mielie-meel aan ouerhuise, voedselskemas en plaasskole uitgedeel.

Maak vandag nog 'n daadwerklike verskil in jou gemeenskap en skenk 'n paar ton van jou oes aan hierdie verdienstelike saak.

### Hoe werk die AVC Relief Umbrella?

**W**anneer produsente skenkings aan die AVC Relief Umbrella-rekening maak, ontvang, hanteer en berg Senwes die mielies, koördineer die vervoer na en vanaf die meule en fasiliteer die verspreiding na die gemeenskappe. Die inisiatief sien boonop toe dat mielie-skenkings wat produsente maak in hul eie gemeenskap uitgedeel word.

### Die rekeningbesonderhede vir kontantskenkings is as volg:


Rekeninghouer: **Thobo Trust**  
Bank: **ABSA**  
Rekeningnommer: **4082869226**  
Taknaam: **Kerkstraat, Klerksdorp**  
Takkode: **334338**

### Hoe kan ek betrokke raak?

**M**aak 'n bydrae tot hierdie saak deur witmielies te lewer by enige Senwes Grainlink of Suidwes Silo op leweringsnommer **418688**. Bydraes in die vorm van ander kommoditeite kan gemaak word deur na die AVC Relief Umbrella webtuiste te gaan by [www.senwes.co.za/avc-food-umbrella](http://www.senwes.co.za/avc-food-umbrella) en dit daar in te lees.

### Navrae:

Mariette Hugo  
Tel: +27 18 464 7505  
[mariette.hugo@senwes.co.za](mailto:mariette.hugo@senwes.co.za)



- BRANDHULP
- HUMANITÊRE HULP
- VLOEDHULP
- SENWES INISIATIEWE
- DROOGTEHULP





# SENWES SCENARIO

## REDAKSIE

### Bestuurder: Korporatiewe Handelsmerke:

Johan Le Grange

☎ 018 464 7521

✉ [jj.legrange@senwes.co.za](mailto:jj.legrange@senwes.co.za)

### Redakteur: Annette Willemse

☎ 018 464 7449

✉ [annette.willemse@senwes.co.za](mailto:annette.willemse@senwes.co.za)

### Ontwerp en uitleg: Pieter Swanepoel

☎ 018 464 7483

✉ [pieter.swanepoel@senwes.co.za](mailto:pieter.swanepoel@senwes.co.za)

### Skrywers: Annette Willemse,

Kulani Siweya en Andre van der Merwe

### Advertensies: Mariëtte Hugo

☎ 018 464 7505

☎ 076 412 9756

✉ [mariette.hugo@senwes.co.za](mailto:mariette.hugo@senwes.co.za)

### Subskripsie: Shevaun Haig

☎ 018 464 7568

✉ [shevaun.haig@senwes.co.za](mailto:shevaun.haig@senwes.co.za)

### Eienaar: Senwes,

Posbus 31, Klerksdorp, 2570

☎ 018 464 7800



- Alle regte van die inhoud van *Senwes Scenario* word voorbehoud ingevolge die bepalinge van Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg.
- Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings in advertensies, promosie-artikels of deur medewerkers nie.

<http://senwes.co/playstore>



<http://senwes.co/playstore>



<http://senwes.co/appgallery>




Lees die *Senwes Scenario* aanlyn by [www.scenario.co.za](http://www.scenario.co.za) of laai die *Senwes* toepassing af. 'Like' ons Facebook-blad by [facebook.com/Senwes](https://facebook.com/Senwes) en volg ons op Twitter by @Senwes

## Inhoud • Contents



### Tema: DIERESORG EN VEE



### Bek-en-klousee beheergebiede vergroot bl. 8



### Nampo 2022 strek oor vyf dae bl. 2

## FRONT PAGE

*In this edition we focus on livestock. We also feature articles on events in and around our region such as #Nampo2022, the Northwest RPO congress and the prestigious NW Young Farmer of the Year.*

## ALGEMEEN

- 02 Redakteursbrief: Hier is ons nou
- 03 Spotprent: Pieter & Tshepo
- 03 Oraloor gehoor

## NUUS

- 04 Senwes verbreed sy geografiese teenwoordigheid met Duitse verkrygings
- 06 Nampo 2022 suksesvol in die sakkie
- 07 The future of agriculture: A new generation
- 08 Bek-en-klousee beheergebiede vergroot
- 09 Winter 2022 below-normal rainfall expected
- 09 Herman Noordwes se Jongboer van die Jaar
- 12 John Deere an extended warranty makes good business sense
- 14 Rotte en muis
- 18 NWRPO Kongres gefokus en toekomstgerig
- 20 Die natuur maak saak: Die verantwoordelike gebruik van chemikalieë
- 22 Senwes en Bayer vat hande vir KZN-noodleniging
- 26 Verhoogde dieselmateriale kan voedselprijs help stabiliseer
- 28 Vierde oesskatting vir somergewasse meestal onveranderd

## FINANSIES

- 24 The state of the economy: Onwards and upwards

## JAG

- 30 Vuurwapen veiligheid

## LANDBOUKUNDIG

- 10 The diversification and the integration of livestock
- 16 Diergesondheidsmiddels ongeregistreerde en onwettige veemiddels is taboe

## RUBRIEKE

- 02 Uit die woord: Die oestyd kom verseker
- 66 Kos vir die siel

## LEEFSTYL

- 64 Autumn gardening: How to prepare for spring
- 66 In the kitchen



26

Maak seker jy ontvang die eScenario e-nuusbrief elke week vir maatskappy- en bedryfsnuus. Teken in by [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za).



## Editor's letter



**And just like that winter announced her arrival!**

**T**he South African Aviation Weather Centre predicts that this year's winter will be colder than previous ones, so button up that jacket and don't forget your scarf.

In the months since we last met up, a lot has happened.

For one, #Nampo2022 took place after a two-year hiatus and everyone involved is in agreement: it was a great success! According to Pieter Taljaard, CEO of Grain SA, about 73 000 visitors attended the event, which took place over five days, despite negative publicity about strict Covid-16 regulations, high fuel prices and poor road conditions.

He furthermore ascribes the success of this year's event to, among other factors, good commodity prices and increased export opportunities for grains such as canola, soya bean and barley. Producers did not have an opportunity to evaluate and compare products at a central location during the past two years, and that, in Taljaard's opinion, played an important role in the excellent business that was done this year.

Another highlight of #Nampo2022 was the ever-popular Nation in Conversation discussion forum. Apart from celebrating its 10th year of impact, the forum once again did not disappoint. You can read all about the various discussions that took place in this edition.

Congratulations and celebrations are also in order on the home front. Senwes celebrated its 113th anniversary in May and in June announced the international acquisition of three John Deere agencies in Germany. The latter is aligned with Senwes' strategic philosophy, specifically the strategic pillar of externalisation which brings further opportunities into alternative lower risk jurisdictions. This acquisition also creates a platform for growth and increases the company's exposure to other major currencies and decreases the exposure to the volatile rand.

I would like to leave you to ponder something our Group Chief Executive Officer, Francois Strydom, said during Nampo. He asked the question: "Who is the five most important people in South Africa for the next three to four years? He answered by saying: "Regardless of who you think these people are, your and my name should be on top of the list as we should not point fingers, but rather roll up our sleeves and get our hands dirty to fix our country."

With this said, I wish you all the best for the season. 🍀

**Annette Willemse**  
EDITOR



## Uit die Woord



# Die gebed van 'n gelowige

- Johan Schoeman

*Die aangrypende verhaal van Elia en die Baälprofete wat in 1 Konings 17 afspeel, is nes die verhaal van Dawid en Goliat in 1 Samuel 17, 'n kragtige getuigenis van gebedsverhoring en van hoe God deur 'n gelowige werk.*

Geen wonder dat Paulus juis vir Elia as voorbeeld gebruik om ons te leer dat "die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het" nie.

Maar – daar is ook van beide Dawid en Elia getuigenisse aangeteken waar hulle in 'n oomblik van swakheid, hul oë van God af wegdraai en verkeerd opgetree het. Toe Elia hoor dat Isebel, die koning se vrou hom wil doodmaak omdat hy die Baälprofete laat doodmaak het, het hy angsbevange die woe-styn in gevlug en daar onder 'n besembos gaan sit en wens dat hy liever moet doodgaan. Dawid weer sien vanaf sy balkon 'n vrou wat besig is om te bad en raak so begeesterd dat hy selfs moord pleeg om sy menslike begeertes te bevredig.

Hierdie verhale skets die realiteit dat elke gelowige soms tye beleef waar hul onmiddellike omstandighede hul geloofsoortuigings oorheers en dan in 'n oomblik van swakheid hul oë van God af wegdraai en sondig.

God los hulle egter nie daar nie. Hy ontmoet Elia by sy besembos. Hy laat hom rus, voed en versterk hom en lei hom tot 'n persoonlike ontmoeting waar God hom in sy posisie herstel. Dawid weer word deur Natan, 'n profeet van die Here deur selfondersoek tot die regte insig gebring en dan skryf Dawid in diepe berou die kragtige skuldbelijdenis in Psalm 51.

Die Here kon dié gebeure vir ons weggesteek het, tog is dié menslike mislukkings vir ons in die Bybel opgeteken juis sodat ons daaruit kan leer en voorbedag sal leef om nie in dieselfde strik te trap nie. Dit bevestig ook dat God ons nooit in sak en as laat in ons swakheid nie. Hy ontmoet ons, versterk ons en herstel ons tot dié ere posisie wat Hy vir ons in gedagte het.

Elia; hy is uiteindelik lewend die hemel opgeneem en Dawid; hy is alom bekend as 'n man na God se hart. Ten spyte van!

Ons bid; Here help ons om na aan U te leef en nooit ons oë van U af te haal nie. 🍀





JUL 2022 MASCHER

## Oraloor gehoor...

**ESTELLE LUBBE**  
The Awareness Company

"Data moet getransformeer word ten einde 'n storie te skep wat produsente maklik kan interpreteer en implementeer. Dit moet in gedagte gehou word dat produsente nie dataspesialiste of -analiste is nie en insigte behoort meer spesifiek as net in die vorm van lyngrafieke aangebied te word."

**FRANCOIS STRYDOM**

Senwes Groep Hoof Uitvoerende Beampte, tydens die NWRPO-jaarkongres.

"Suid-Afrikaanse produsente is geneties geprogrammeer om geleenthede te identifiseer en te realiseer."

**HENDRIK VAN STAADEN**

Bayer SA

"Die impak op die basiese behoeftes van mense wat alles verloor het in die vloedgeteisterde gebiede van KwaZulu-Natal is tragies. Die kans om te help was daar en ons was in die posisie om daardie hulp te kon gee."

**CHRIS BURGESS**

Landbouweekblad

"Meer lugtyd en prominensie behoort aan die opheffers van gemeenskappe gegee te word."

**HUGO PIENAAR**

Bureau for Economic Research

"The country's growth rate is negatively impacted not only by the infrastructure and logistical challenges, but also a severe confidence problem. This problem speaks to a lack of private sector investment together with great uncertainty on the policy front."

**JEREMIA MATHEBULA**

Grain SA

"The time is now to make the future great."

**DR FAFFA MALAN**

virtuele veearts

"Elke veeboer moet eienaarskap neem van die nasionale trop en moet daarom na vore tree as 'n kampioen vir volhoubaarheid"



# SENWES VERBREED SY GEOGRAFIESE TEENWOORDIGHEID MET DUITSE VERKRYGINGS

***Senwes breek nuwe grond deur die verkryging van drie John Deere-agentskappe in Oos-Duitsland, naamlik Schlieper für Landmaschinen GmbH (Schlieper), Landmaschinen Vertrieb Deuben GmbH (LVD) en Bartling Landtechnik GmbH Hohenseefeld (Bartling Hohenseefeld).***

■ **Annette Willemse**  
Communication Specialist

Hierdie drie agentskappe sal in een saamgesmelt word en as S&L Connect bekend staan en sal die beste van Schlieper, LVD en Bartling Hohenseefeld verteenwoordig. S&L Connect staan vir groei en verbind mense en masjiene. Die maatskappy sal bestuur word deur 'n hoogs ervare Duitse span onder leiding van Ricarda Schlieper as Besturende Direkteur en Cathleen Powell as Finansiële Direkteur..

Die besigheid is in wese soortgelyk aan Senwes Equipment, veral in terme van die besigheidsmodel, die manier waarop dit gestruktureer is, die industrie en die produkaanbieding. Die verkryging sal geposisioneer word binne Senwes Equipment, 'n volfiliaal van Senwes.

Senwes HUB, Francois Strydom, voeg by

dat "hierdie verkryging bely met Senwes se strategiese filosofie, spesifiek die strategiese pilaar van eksternalisering wat verdere geleentehede in alternatiewe laerisiko jurisdiksies ontsluit". Senwes skep deur hierdie verkryging voorts 'n platform vir verdere groei en verhoog die maatskappy se blootstelling aan ander groot geldeenhede en bied terselfdertyd verkansing teen die wisselvallige rand.

Vanuit 'n John Deere-perspektief pas hierdie verkryging in by hul 'Dealer of Tomorrow'-strategie wat daarop gemik is om, onder andere, groter en meer volhoubare handelaars wêreldwyd te vestig. Die fokus is om verspreiders te ontwikkel van net bloot die verkoop van masjiene en die verskaffing van 'n diens na belynde organisasies met lewensiklusoplossings om aan die behoeftes van die mark en landbou te voldoen. Die doel is daarom om John Deere se markposisie te versterk en die sinergieë van groter organisasies te benut.

Gegewe Senwes se bewese rekord as 'n konsolideerder van ondernemings in familiebesit en die omskakeling daarvan in suksesvolle korporatiewe entiteite, het John Deere Senwes die geleentheid gebied om aan die verkryging deel te neem.

Senwes en hierdie John Deere-agentskappe (Schlieper, LVD en Bartling Hohenseefeld) deel 'n soortgelyke passie vir geïntegreerde oplossings, het dieselfde mensgesentreerde benadering en span daarom kragte saam om aan die snel-groeiende eise van klante te voldoen.📞

#### NAVRAE:

**Francois Strydom**

Groep Hoof Uitvoerende Beampite

Tel: +27 18 464 7656

francois.strydom@senwes.co.za

www.senwes.co.za

**Luister na 'n onderhoud hier**



**GEVORDERDE  
BESKERMING**



**Koop 50**

**DEKALB®-saadsakke  
(80KKE) en kry:**



**R7,50/kg afslag  
op Velum® 1 GR**



**R12/ℓ afslag  
op Guardian®**



**R100/ℓ afslag  
op Decis® Forte**

**EN / OF**

**EN / OF**

**EN / OF**



**R160/ℓ afslag  
op Laudis®**



**R10/ℓ afslag  
op Bullet®**



**R10/ℓ afslag  
op Harness Xtra®**

Ontdek die  
**#DEKALBvoordeel**



**Maak grond-, plant- en wortelgesondheid hierdie seisoen 'n prioriteit!**

Aalwurms, snywurms en ander grondgedraagte insekte kan groot skade aan jou mielielande aanrig indien die korrekte beheerstrategie nie vroegtydig in plek gestel word nie. Met Bayer se Velum® 1 GR, Decis® Forte, Guardian®, Laudis®, Bullet® en Harness Xtra® kan jy nou jou mieligewasse die nodige beskerming bied en sodoende gemoedsrus kry dat jou boerdery hierdie seisoen in goeie hande is.

[www.cropscience.bayer.co.za](http://www.cropscience.bayer.co.za) /// [www.bayer.co.za](http://www.bayer.co.za) /// Tel: +27 11 921 5002 /// @DEKALBSA | @Bayer4Crops

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07. Wrenchweg 27, Isando, 1601. Posbus 143, Isando, 1600. Die registrasie-eienaar van DEKALB® is Bayer AG, Duitsland. Die volgende produkte is handelsmerke van Bayer AG, Duitsland en is geregistreer onder Wet Nr. 36 van 1947: Decis® Forte – Reg. Nr. L6563, Laudis® – Reg. Nr. L8525, Velum® 1 GR – Reg. Nr. L10783, Bullet® – Reg. Nr. L5623, Harness® Xtra – Reg. Nr. L7703, Guardian® – Reg. Nr. L4862.



# NAMPO 2022

## SUKSESVOL IN DIE SAKKIE

*Na 'n afwesigheid van twee jaar is #Nampo2022 iets van die verlede en in die spreekwoordelike sakkie.*

■ **Annette Willemse**  
Kommunikasiespesialis

**N** Vanjaar het meer as 60 000 mense dié landbouskouspel in Bothaville bygewoon en volgens Du Toit Wessels, assistent bestuurder: Nampo en Bemaking, is alle verwagtinge oortref.

Senwes het oudergewoonte reggestaan met 'n dinamiese produkaanbod vir feesgangers.

### NASIE IN GESPREK

Op Nampo Park het Nasie in Gesprek relevante landbou-onderwerpe hanteer en het die gespreksforum 'n besonderse mylpaal bereik: 10 jaar as Suid-Afrika se mees gesogte landbougeselsprogram. Die forum het in 2013 ontstaan onder die vaandel van die destydse Senwes Toekomsfokusdag.

Volgens Francois Strydom, Senwes Groep hoof uitvoerende beampte en beskermheer van die gespreksforum, het Nasie in Gesprek

'n lansië gebreek vir die totale voedsel- en veselwaardeketting deur begrip en bewustheid te kweek. "Deur impakvolle gespreksvoering is nie net daarin geslaag om kennis te verbreed nie, maar ook beïnvloeding te laat geskied oor aspekte wat die landbousektor aangaan – aspekte wat onlosmaaklik deel is van die groter Suid-Afrikaanse sosio-ekonomiese landskap."

Vanjaar se gesprekke is deur Theo Vorster en Wandile Sihlobo gefasiliteer.

### SENWES BY NAMPO

Senwes Equipment se kundige bemarkers was op hul pos by John Deere, Staalmeester en Falcon, terwyl die Senwes integrasiespan die Senwes Wenakker beman het. Laasgenoemde het aan feesgangers 'n kykie na integrasie in aksie gegee en die span het die oorkoepelende Senwes produkaanbod aan belangstellendes deurgegee.

Hinterland se stalletjie was deurentyd 'n miernes van bedrywighede en besoekers is op 'n eietydse kuier-koopervaring getraakteer. Hierbenewens het die Senwes Kaalvoet-kinderparkie vir die kleinspan gesorg en die Senwes skoonmaakdienste het bygedra tot 'n aangename parkervaring.

Om foto's van die week te besigtig, besoek Senwes se sosiale mediaplatforms. 📸





# THE FUTURE OF AGRICULTURE: A NEW GENERATION



*A country's future lies with its youth, and with an ageing agricultural sector, newcomers to the industry are sorely needed.*

■ **Annette Willemse**  
Communication Specialist

The final session of Nation in Conversation belonged to the youth and Wandile Sihlobo led an expert panel in discussion about the youth's perception of agriculture, hurdles they must overcome and the future prospects of agriculture as a career choice.

The panel consisted of Jeremia Mathebula (Grain SA), Karidas Tshintsholo (Khula), Sinelizwe Fakade (Rocky Park Farming Group and Ukhanyo Farmer Development), Dr Johnny van der Merwe (AMT) and Dr Tracy Davids (BFAP).

The session started with a message from former Grain SA Chairman, Jannie de Villiers. By using the analogy of migrating wildebeest, De Villiers said it was time for the younger generation to step up and be counted within the agricultural sphere. He explained that it is important to make the first move from the proverbial dry parts (referring to challenges – past and present), that young leaders must step to the fore and lead the way through troubled

waters, that cognisance should be taken that it is not an easy journey but that the rewards are big and that the future is greener than the past for all of us. In closing he said that it is important for the youth to champion the opportunities within the agricultural sector among their generational peers.

## PAVING THE WAY FOR THE YOUTH

According to Dr Davids the recently launched Agricultural Master Plan and before then the National Development Plan, clearly jot the way forward for the sector, but the focus should now be on the implementation of the plans. It is within this space that the youth can contribute a new and fresh perspective.

Tshintsholo agrees and adds that the youth can play a vital role redefining the image of the agricultural sector, but in order for them to champion the sector it is necessary to build a solid business case for new entrants into the sector. In illustrating this point, he refers to successful technology examples such as Uber and Airbnb, who turned dull concepts such as the cab industry or unutilised backrooms into very interesting and lucrative concepts.

In turn, Fakade is of the opinion that for youngsters to successfully enter the sector, they have to position themselves to be supported. This means that they should strike a balance between theoretical knowledge and practical experience. Dr Van der Merwe seconds this notion and said that education is a good starting point, but from there prospective new entrants need to gain practical experience.

"The time is now to make the future great", said Mathebula and explained that the current agricultural centre is strong and therefore it can withstand challenges, while at the same time welcome new entrants into the sector. He is, however, of the opinion that the government has an important role to help facilitate this process.

## PRACTICAL ADVICE

Asked what youngsters can do to ease their entrance into the sector, the panel had the following advice:

- Invest time in finding a mentor who can teach you the ropes of the industry.
- Develop supporting networks and partnerships that add value to your endeavour.
- Start engaging vested industry role players.
- Gain practical experience.
- Seek relevant and up to date information.
- Don't be afraid to fail, as failure is a stepping stone to success.

## BUT WHAT DOES AN AGRICULTURAL CHAMPION LOOK LIKE?

The panel identified the following traits:

- Somebody who is adaptable.
- Somebody who is passionate about the industry in all its forms.
- Somebody who has come to the realisation that agriculture is not a short-term investment.
- Someone who understands the value of an integrated and inclusive approach.
- Someone who is well-informed.
- Somebody who is a specialist in multiple-disciplines and who believes in the ethos of lifelong learning.

Sihlobo ended the session by stating that the youth can bring a new perspective, energy and innovative thinking to the agricultural sector in a time of high unemployment, inequality and slow economic growth. In short: revitalise the sector and contribute towards sustainable profitability. 🌱





# BEK-EN-KLOUSEER BEHEERGEBIED VERGROOT



***Die nuwe grense van die bek-en-klousee beheergebied is onlangs in die Staatskoerant gepubliseer.***

■ **Annette Willemse**  
Kommunikasiespesialis

**D**ie nuwe grense is onder die Dierigesondheidswet 35 van 1984 afgekondig en vergroot die bestaande beheergebied in KwaZulu-Natal en Limpopo.

Dié aanmeldbare en hoogs aansteeklike, ekonomies belangrike veesiekte het onlangs skielik ver buite die beheergebied versprei en belanghebbendes doen nou alles in hul vermoë om te verhoed dat dit heeltemal handuit ruk.

## **DIE SIEKTEBEHEERGEBIED IN KWAZULU-NATAL LYK NOU SOOS VOLG:**

- Die hele Umkhanyakude-distriksmunisipaliteit, bestaande uit die plaaslike munisipaliteite van Jozini, Umhlabyalingana, Groot Vyf Hlabisa en Mtubatuba;
- die hele King Cetshwayo-distriksmunisipaliteit, bestaande uit die plaaslike munisipaliteite van uMfolozi, uMhlathuze-stad, uMlalazi, Nkandla en Mthonjaneni;
- die hele Hluhluwe-Imfolozi-wildreservaat;

- die hele plaaslike munisipaliteite Nongoma en Ulundi in die Zoeloeland-distriksmunisipaliteit;
- die gedeelte van die Pongola plaaslike munisipaliteit in die Zoeloeland-distriksmunisipaliteit wat oos van die R66, suid en wes van die N2 lê. Daarby ingesluit is die gedeelte wat oos van die N2 lê, bestaande uit die gedeelte suid van die P522-pad wat na Jozini lei;
- die gedeelte van die Maphumulo-plaaslike munisipaliteit in die Ilembe-distriksmunisipaliteit wat oos van die R74 lê;
- die gedeelte van die Ndwedwe plaaslike munisipaliteit in die Ilembe-distriksmunisipaliteit wat oos van die R74 en noord van die P11-pad lê;
- die gedeelte van die KwaDukuza plaaslike munisipaliteit in die Ilembe-distriksmunisipaliteit wat ten noorde van die P11-pad lê;
- die gedeelte van die Mandini plaaslike munisipaliteit in die Ilembe-distriksmunisipaliteit wat noord van die P110-pad, aan die oostekant van die R102 lê, asook die gedeelte noord van die Tugelarivier aan die westekant van die R102;
- die gedeelte van die Umvoti plaaslike munisipaliteit in die Umzinyathi-distriksmunisipaliteit wat aan die ooste- en noordekant van die R74 en oos van die R33 lê;
- en die gedeelte van die Msinga plaas-

like munisipaliteit in die Umzinyathi-distriksmunisipaliteit wat oos van die R33 en suid van die Tugelarivier lê.

## **IN LIMPOPO IS DIE SIEKTEBEHEERGEBIED SOOS VOLG UITGELÊ:**

- Die hele Collins Chabane plaaslike munisipaliteit;
- die hele Thulamela plaaslike munisipaliteit;
- die gedeelte van die plaaslike munisipaliteit Groter Giyani Letaba en Molemole wat noord van die R36 vanaf die N1-snelweg op pad na Mooketsi lê. Dit sluit ook die gedeelte al langs die R81 vanaf Mooketsi tot waar die pad die Klein Letabarivier kruis, tot by die heining van die Kruger Nasionale Park in;
- Die gedeeltes van die plaaslike munisipaliteite Makhado en Musina oos van die N1, van waar die R36 die N1 kruis, insluitend die Musina-natuurreservaat. Die beheergebied loop dan al langs die Musina-natuurreservaat se grens tot waar dit die Venetia-mynpad kruis. Dan volg dit die Venetia-mynpad tot by die R521 en volg dan die R521 tot by die landsgrens by die Pont Drift-grenspas;
- En die noordelike grens is die landsgrens tussen die Pont Drift-grenspas en die Kruger Nasionale Park se heining, terwyl die Kruger Nasionale Park se heining ook as die oostelike grens dien. 📍



- One-stop product and service offering
- Diversified and well stocked product range
- Operates from 4 provinces in South Africa
- Quality and affordable products

- 39 Retail Branches
- 40 Fuel Stations
- 4 Convenience Stores
- 3 Kiosks



 Reimagining the future

# #ReimagineAgriculture

Hinterland as an agricultural retail company is continually reimagining what matters, to offer their diverse customer base an unrivalled shopping experience through innovative product solutions and expert advice.

#BeakingNewGround



Hinterland







# THE DIVERSIFICATION AND THE INTEGRATION OF LIVESTOCK

***Rising input costs will force some grain producers to look at diversifying their operations by introducing livestock.***

■ **Annette Willemse**  
Communication Specialist

Integrating livestock into a grain business can add value to lower potential farmlands and improve overall cash flow.

During the fifth session of Nation in Conversation on Thursday, 19 May 2022, Theo Voster and a panel of livestock specialists took to the stage to discuss the challenges, rewards and practical planning involved in this kind of diversification.

The panel consisted of: Dr Faffa Malan (Virtual Veterinarian, Landbou.com), Gerrit van Zyl (Hanzyl Bonsmaras), Cobus van Coller (Libanon Farm, Viljoenskroon) and Dewald Olivier (SA Feedlot).

## BE STRATEGIC

In considering to diversify your farming activities, Van Zyl warns that you should not be a grain producer with cattle on the side. Instead you should also be a focused cattle farmer who makes this segment a specific farming operation with its own profit centre.

This view was echoed by Olivier who is of the opinion that farming is not just farming anymore, but rather business and as such producers can't have add-ons for the sake of having them. Cattle, according to Olivier is not a side-line, it requires full-time attention.

Asked about his view on diversification, Dr Malan says that the golden thread remains that all farmers are in the business of food security and therefore the ultimate goal is to produce safe food whilst being profitable. He highlights the fact that disease control, within the process

of diversification, is of utmost importance. In light of this, his advice is to always follow the principle of the three f's: farm gate (make sure you know what enters your farm), fences (make sure you manage livestock movement) and foresight (use logic in making decisions).

## MULTIPLE OPPORTUNITIES TO CAPITALISE ON

According to Olivier there are multiple opportunities within the red meat sector because whatever the country produces, it consumes.


He also says that if producers increase their cattle herds and calves, especially those that go into feedlots by 200 000 over a period up until 2030, the country could add an additional R8,4bn in cattle exports and a further R12,4bn if you include sheep, to the bottom line of the livestock industry.

## TAKING OWNERSHIP OF THE NATIONAL HERD

In answering the question of how to go about the diversification process, the panellists agreed to the following aspects.

- Biosecurity is not negotiable.
- Always consult your local veterinary professional and make sure that you know which issues are important in your area.
- Make traceability a priority.
- Draw up an annual strategy and keep to it.
- Make sure you join forces with reputable partners.

In his opinion, Dr Malan says that every livestock producer should take ownership of the national herd and as such step to the fore as champions of sustainability. He adds that special focus should also be placed on small scale and communal farmers to empower them to champion biosecurity. The latter can be done via training and engagement with organised agricultural bodies. 📞





# WINTER 2022

## BELOW-NORMAL RAINFALL EXPECTED

*The South African Weather Service (SAWS) issued the following Seasonal Climate Watch for the period May to September 2022.*

The El Niño-Southern Oscillation (ENSO) is currently in a La Niña state. However, forecasts indicate that it will likely return to a neutral state during the coming seasons. During autumn and winter the presence of ENSO has less of an impact. Thus, the presence of the current La Niña event is not expected to have any significant impact on rainfall in the coming seasons.

The multi-modal rainfall forecast indicates below-normal rainfall for most parts of the country except for the central and eastern coastal areas in early winter (May, June, July) and the eastern coastal areas during mid- and late-winter (June, July, August and July, August, September). Both maximum and minimum temperatures are expected to be above normal for most of the country, except for parts of the Northern Cape and Eastern Cape where below-normal temperatures are expected.

SAWS will continue to monitor the weather and climatic conditions and provide updates on any future assessments that may provide more clarity on the current expectations for the coming season. 📺

## HERMAN IS NOORDWES SE JONGBOER VAN DIE JAAR

*“Dit is voorwaar die beurt van die jonger geslag boere om nie net hul passie vir landbou te deel nie, maar ook te wys hoe voortreflik hul dié roeping kan uitvoer.”*

■ **Annette Willemse**  
Kommunikasiespesialis

**M**et dié woorde het Emil Pretorius, markontwikkelingsbestuurder van Santam Landbou, die toon aangegee vir die jaarlikse Agri

Noordwes en Santam Landbou se Jongboer van die Jaar-geleentheid. Dié prestige geleentheid het vanjaar saamgeval met Agri Noordwes se Jongboer Konferensie wat in samewerking met Senwes aangebied is. Die tema van die dag was “Boer Proaktief #DisJouBeurt”.

Herman du Preez van Agri Klippan is tydens die geleentheid as die wenner aangewys. Die naaswenner was Fanie Badenhorst van Agri Kameel en Anje Lubbe van Agri Makwassie.

As die wenner sal Du Preez die provinsie later vanjaar in Agri SA en Toyota SA se Nasionale Jongboer van die Jaar-kompetisie verteenwoordig.

### MEER OOR DIE WENNER

Du Preez boer reeds 19 jaar op die plaas Grysfontein in die Lichtenburg-omgewing.

Sy boerderyvertakings bestaan uit 53% braaikuikenproduksie, 15% beesproduksie en 32% saaiproduksie.

Sy toekomsvisie vir sy boerdery is om meer produktief, doeltreffend en volhoubaar te boer deur die gebruik van nuwe tegnologie asook opleiding vir sy werkersmag.

As lid van Agri Klippan en die Lichtenburg Oos-landbouvereniging, is Du Preez aktief



betrokke in sy gemeenskap.

Hy is van mening dat jong boere 'n belangrike rol het om te speel in die ontwikkeling en opleiding van opkomende boere en plaaswerkers. Dit is dan juis hierdie verbintenis tot volhoubaarheid wat lei tot 'n meer stabiele landbousektor en gepaardgaande voedselsektheid.

“Jong boere moenie hul rol in die gemeenskap, die provinsie en die land onderskat nie,” sê Du Preez en voeg by dat die tyd aangebreek het vir jong boere om hul stempel op die bedryf af te druk. “Dis ons beurt, so kom ons maak die meeste van elke geleentheid”. 📺





# JOHN DEERE

## AN EXTENDED WARRANTY MAKES GOOD BUSINESS SENSE

*The agricultural industry is full of unforeseen challenges, from unpredictable weather and market conditions to potential machine downtime during harvest season.*

■ **John Deere**  
Press Release

**A**s a farmer, it's important to think ahead, plan for the best and prepare for the worst, which is why it makes good business sense to invest in a John Deere extended warranty.

### WHAT IS AN EXTENDED WARRANTY?

It is a prolonged warranty offered to customers in addition to the standard warranty that applies to new equipment.

### WHY TAKE OUT AN EXTENDED WARRANTY?

Think of an extended warranty as a safety net that offers you peace of mind.

You should take out an extended warranty to help you manage your funds should any unexpected repairs be required and to ensure that you are up and running during the critical parts of each season.

### WHAT OPTIONS ARE AVAILABLE?

John Deere recently introduced PowerGard™, a new extended warranty service

on selected John Deere equipment that covers you if your equipment breaks down before its time, due to unforeseen circumstances. PowerGard™ provides continuous coverage after your initial John Deere warranty period ends and offers different coverage plans to match your specific needs.

### WHAT DOES IT COST?

The cost of PowerGard™ varies, based on your selection, the number of engine hours and the period of cover you require.

### WHAT ARE THE ADVANTAGES OF INVESTING IN POWERGARD™?

- There is no pre-approval required for any repair work covered by PowerGard™.
- PowerGard™ provides extensive parts and labour coverage.
- You can take your equipment to any John Deere dealer for repairs.
- Increases the value of your equipment should you wish to sell it prior to your cover expiring.

### WHAT EQUIPMENT DOES IT COVER?

The warranty covers a selection of John Deere tractors, self-propelled sprayers and combines.

The machine must fall within six months of the initial John Deere warranty period and have less than 250 engine hours on the clock to qualify for PowerGard™ cover. You cannot register for PowerGard™ cover after this grace period. Additionally, PowerGard™ also provides limited Powertrain coverage.

### • TRACTORS

Including the 6B, 6M, 8R and 9R model tractors, the available coverage plans include the basic John Deere warranty, starting at 36 months (1500 hours) to 60 months (5000 hours).

### • SELF-PROPELLED SPRAYERS

For sprayers, the available coverage plans include the basic John Deere warranty, starting at 24 months (1500 hours) to 60 months (5000 hours).

### • COMBINES

For combines, the available coverage plans include the basic John Deere warranty, starting at 24 months (500 hours) to 60 months (5000 hours).

### WHAT HAPPENS WHEN I SELL MY EQUIPMENT?

The great news is that the remainder of your PowerGard™ follows your machine as it changes ownership. In fact, having an extended warranty on the equipment makes it easier for you to sell.

### CAN I FINANCE IT?

Yes, just make sure to include PowerGard™ with the purchase of your new equipment.

It is better to have a safety net and not need it than to need one and not have it; invest in the John Deere PowerGard™ and let us provide you with the peace of mind to get you and your equipment through to the next bountiful harvest.

Get in touch with your Senwes Equipment representative for more information. 



# THE ALL NEW JOHN DEERE 1050K

BROUGHT TO YOU BY  
**SENWES EQUIPMENT**

AN EXPANDING PRODUCT  
RANGE TO MEET GROWING  
CUSTOMER DEMANDS



Senwes Equipment is your proud mechanisation partner, spare part supplier and service agent for the all new John Deere Construction and Forestry range.



**JOHN DEERE**



[http://senwes.co/1050K\\_Dozer](http://senwes.co/1050K_Dozer)





# ROTTE EN MUISE

***Rotte en muis is aktief gedurende die winter aangesien hulle op soek is na kos en skuiling. Omdat daar in die winter 'n groot afname in die beskikbaarheid van kos is, bied ons huise en asblikke 'n alternatiewe bron van kos.***

**B**enewens die gesondheidsgevaar wat hulle inhou, kan rotte en muis ook groot skade aan ons eiendom rig. Hulle besoedel ons kos en die omgewing met hul hare, urine en stoelgang. Hulle is ook draers van 'n aantal siektes soos salmonella, swartkoors en buboniese plaag, om maar net 'n paar te noem.

Rotte en muis rig ook skade aan ons tuine aan. Hulle is veral lief daarvoor om die bas van struik en jong boompies af te vreet en dit kan veroorsaak dat die plante gevolglik van 'n swaminfeksies of verhinderde sapvloei, vrek. Dié plante moet met 'n swammiddel soos Tenazole of Copper-Flo-Plus behandel word.

'n Rotlokaas is die mees doeltreffende manier om van selfs die moeilikste knaagdierbesmettings ontslae te raak. Protek Kill All en Rodex knaagdierdoders is enkelvoeding-lokaas wat 'n anti-koagulant bevat. Anti-koagulate voorkom bloedstolling en verdun die bloed van teikendiere. 'n Dodelike dosis kan in 'n enkelvoedingssessie ingeneem word, maar die dood kom gewoonlik 4 tot 5 dae later. Vir 'n akute besmetting, kan dit nodig wees om tot soveel as drie tot vier keer lokaas uit te sit.

Die blou kleur van knaagdierlokaas dien as 'n waarskuwingskleur om potensiële roofdiere of voëls bewus te maak dat 'n dier, plant, saad, en so meer giftig of andersins gevaarlik is. Om die risiko's verder te verminder, word Denatoniumbenzoaat in rotmiddels gebruik wat 'n intense bitter, maar 'n nie-giftige stof is wat veroorsaak dat die rotmiddel onmiddellik uitgespoeg word.

Die behoorlike en veilige plasing van peuterbestande lokaasstasies is net so belangrik soos die gebruik van die knaagdierdoder. Waar moontlik, plaas die rotlokaas tussen die knaag-

diere skuiling en hul voedselbron, teen mure of op hulle roetes, aangesien hulle nie uit die pad sal gaan om die lokaas te vind nie.

## HANDIGE WENKE:

- Moet nooit knaagdoders met jou kaal hande hanteer nie.
- Verwyder hondekos aangesien dit Vit K bevat, 'n teenmiddel vir teenbloedstolmiddels.
- Gebruik vloeibare lokaas waar kos volop is en pille of wasblokkies waar daar 'n voedseltekort is.
- Vir veilige toediening, maak altyd van 'n peuterbestande lokaasstasie gebruik.
- Alle knaagdierdoders moet buite bereik van kinders en troeteldiere gehou word, of dit nou gebruik of gestoor word.

## GEREGISTREER IN TERME VAN WET 36 VAN 1947

**Kill All Pellets:** brodifacoum 0.02 g/kg, SKADELIK, L7162, **Kill All Wax Blocks:** brodifacoum 0.05 g/kg, SKADELIK, L7265, **Kill All Liquid:** brodifacoum 0.5 g/l, BAIE GIFTIG, L7163, Registrasiehouer: Almond Agro Chemicals (Edms) Bpk, reg no 1997/006442/07, Posbus 188, Van Riebeeckpark, 1629, **Rodex Rat & Mouse Grain Bait:** brodifacoum 0.05g/kg, SKADELIK L9293, **Rodex Rat & Mouse Paste Bait:** brodifacoum 0.05g/kg, SKADELIK, L9566, Registrasiehouer: Innovative Pest Management, reg no 2001/00587/07, Posbus 3131, Kenmare, 1745

**Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438. Tel (011) 812 9800 of 0861 PROTEK (0861) 77 68 35, [www.protek.co.za](http://www.protek.co.za). 

# PROTEK SE KNAAGDIERDODERS raak met een voeding ontslae van **ROTTE EN MUISE**



Rotte en muis is baie aktief gedurende die winter aangesien hulle op soek is na kos en 'n geskikte plek om te bly, gewoonlik in ons huise of tuine. Daar is 'n afname in die beskikbaarheid van kos in die winter en ons huise bied 'n alternatiewe spens vir hierdie plaë. Benewens die gesondheidsgevaar wat hulle meebring, kan hierdie knaagdiere groot skade aan ons eiendom aanrig.

## Voordele:

- Beheer noorweegse rotte, dakrotte en huismuis
- Gerieflike en maklike toediening
- Enkelvoeding
- Gereed vir gebruik pasta, pille, wasblokkies, graan en vloeibare lokaas

## Handige wenke:

- **Moet nooit** knaagdoders met kaal hande hanteer nie
- Verwyder hondekos aangesien dit Vit K bevat, 'n teenmiddel vir teenbloedstolmiddels
- Gebruik vloeibare lokaas waar kos volop is en pasta, pille, graan of wasblokkies waar daar 'n voedseltekort is
- Vir veilige toediening, maak gebruik van 'n lokaasstasie

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte, kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

[www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)

|               |                 |            |
|---------------|-----------------|------------|
| Insekdoders   | Onkruidodders   | Swamdoders |
| Spesialiteite | Knaagdierdoders | Kunsmis    |

Geregistreer in terme van Wet 36 van 1947  
**Kill All Pellets:** brodifacoum (teenbloedstolmiddel) 0.02 g/kg SKADELIK, L7162 **Kill All Wax Blocks:** brodifacoum (teenbloedstolmiddel) 0.05 g/kg SKADELIK, L7265 **Kill All Liquid:** brodifacoum (teenbloedstolmiddel) 0.5 g/l BAIE GIFTIG, L7163 - Registrasiehouer: Almond Agro Chemicals (Edms) Bpk, reg no 1997/006442/07, Posbus 188, Van Riebeeckpark, 1629 **Rodex Rat & Mouse Grain Bait:** brodifacoum (teenbloedstolmiddel) 0.05g/kg SKADELIK L9293 **Rodex Rat & Mouse Paste Bait:** brodifacoum (teenbloedstolmiddel) 0.05g/kg SKADELIK L9566 - Registrasiehouer: Innovative Pest Management, reg no 2001/00587/07, Posbus 3131, Kenmare, 1745 **Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438. Tel (011) 812 9800 of 0861 PROTEK (0861) 77 68 35, [www.proteksa.co.za](http://www.proteksa.co.za).



**Vir jou Huis en Tuin!**





# DIEREGESONDHEIDSMIDDELS ONGEREGISTREERDE EN ONWETTIGE VEEMIDDELS IS TABOE

*As direkteur van die Griffon Gifinligtingsentrum en konsultant van die Suid-Afrikaanse Dieregesondheidsvereniging (SADGV), glo dr Gerhard Verdoorn dat 'n veearts iemand is wat kuddegesondheid op 'n plaas help verseker, en daarop ingestel moet wees om produsente bewus te maak van die gevare van onwettige veemiddels op die plaas.*

■ **Annette Willemse**  
Kommunikasiespesialis

**D**ie tema van sy gesprek by vanjaar se RuVASA-kongres het gehandel oor die gebruik van ongeregistreerde en onwettige dieregesondheidsmiddels wat in die veebedryf aangewend word. Volgens dr Verdoorn sal daar altyd mense wees wat net nie gehoor wil gee aan wat die wet en etiek voorskryf nie. Die afgelope paar jaar was daar 'n geweldige groot toename in ongeregistreerde middels vir dieregesondheid in die Suid-Afrikaanse mark, en dit sluit onder andere in dipstowwe en ontwormingsmiddels vir parasietbeheer, asook onwettige entstowwe.

## INGEVOER ONDER DIE DEKMANTEL VAN WETTIGE MIDDELS

Nog 'n aspek van onwettige middels, is dié wat wel onder Wet 36 van 1947 op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, en Wet 101 vir die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe vir gebruik geregistreer is, maar wat die land onwettig binnekom.

Dit kom daarop neer dat aktiewe bestanddele van middels wat onder Wet 101 geregistreer is, dikwels ingevoer word na SA sonder dat die spesifieke aktiewe bestanddele wel registrasie as 'n kommersiële produk het. Volgens dr Verdoorn word hierdie dieregesondheidsmiddels onwettig ingevoer deur persone wat die wet omseil en geld daaruit wil maak deur dit

aan produsente en voerkrale te verkoop.

Hy is van mening dat daar dikwels gewelddige groot hoeveelhede antibiotika of groeihormone by intensiewe landboubedrywighede aangewend word, wat nie verklaar word nie en wat lei tot die vraag waarom mense siek word. Onwettige bedrywighede in die gebruik van veemiddels word egter in beide die ekstensiewe en intensiewe veebedryf waargeneem en bedreig die volhoubaarheid van die land se lewendehawebedryf.

Een van die vraagstukke wat dr Verdoorn by die kongres aangespreek het, is of 'n ongeregistreerde produk vir enting teen 'n bepaalde siekte werklik die nodige beskerming daarteen sal bied, en indien 'n dier die siekte wel sou opdoen, of dit daardie siekte sal kan beheer. Die tweede vraag wat gereeld ter sprake kom, is die moontlike nadelige gevolge wat dit kan inhou vir mense wat die vleis of melk van 'n dier wat met onwettige veemiddels behandel was, inneem.

As produsente en veeartse die regte dieregesondheidsmiddels gebruik in terme van Wet 101 of Wet 36, sal daar in beginsel geen probleem wees as die aanwysings streng nagevolg word nie. Dr Verdoorn sê dit is ongelukkig so dat onwettige bedrywighede met diere-middels die afgelope dekade daarvoor gesorg het dat mense se gesondheid daaronder ly, en ook tot groot skade by voerkrale gely het.

\* Die artikel het oorspronklik op AgriOrbit verskyn. 



## CONTACT US TO FIND YOUR NEAREST AGENT

Paul de Korte ☎ + 27 82 888 1877  
 Spare parts ☎ + 27 18 431 2171/2  
 Hendri de Korte ☎ + 27 62 392 1748 \*Limpopo & Mpumalanga



HEAD OFFICE 🏠 2 Coetzee Street, Hartbeesfontein | PO Box 71, Hartbeesfontein, 2600

☎ + 27 18 431 2171/2 ✉ info@staalmeester.co.za 🌐 www.staalmeester.co.za

Finance Available

### 2021 SP



The 2021SP produces affordable stock feeds. This is a dust free hammer mill with an adjustable closing plate and comfortable feeding tray.

**Power options available:**

220 volts electric, petrol, diesel and without a motor.

### 2121



The 2121 produces affordable stock feeds. This is a dust free hammer mill with an adjustable closing plate and comfortable feeding tray.

**Power options available:**

380 volts electric, petrol, diesel and without a motor.

### 6116/18



The Staalmeester 6116/18 hammer mill is dust free and has an adjustable closing plate and a large sturdy infeed tray. It outperforms any opposition in its class.

**Power options available:**

380 volts electric, diesel, 3-point tractor driven and without a motor.

### 6116 RS



Staalmeester 6116/18RS is the 3rd installment in Staalmeester's manufactured hammer mill range. The RS-model has an integrated blower system that optimizes the milling capacity.

**Power options available:**

380 volts electric, diesel, 3-point tractor driven and without a motor.

### SM 24



The SM 24 is equipped with a single cyclone for two bags or a double cyclone for four bags. The cyclone can be removed and a chute can be fitted.

**Power options available:**

380 volts electric, 3-point tractor driven and without a motor.

### 6776



The 6776 is designed to handle ANY type of material, any grain type, maize on the cob, maize stalks, and any grass type.

**Power options available:**

380 volts electric, 3-point tractor driven and without a motor.

We have more than 100 different agricultural products in stock that suit all farmers' needs: Call us today or visit [www.staalmeester.co.za](http://www.staalmeester.co.za)



# NWRPO KONGRES

## GEFOKUS EN TOEKOMSGERIG

*Die Noordwes Rooivleisprodusente-organisasie (NWRPO) het op 25 Mei 2022 hul jaarlikse kongres by Senwes se hoofkantoor in Klerksdorp aangebied met die tema: Gefokus en toekomsgerig.*

■ **Annette Willemse**  
Kommunikasiespesialis

In sy verwelkomingsboodskap het Francois Strydom, Senwes Groep hoof uitvoerende beampte gesê dat Suid-Afrikaanse produsente geneties geprogrammeer is om geleenthede te identifiseer en te realiseer. Dié stelling het die toon aangegee vir die res van die kongres en almal betrokke is dit eens: daar is baie geleenthede wat binne die rooivleiswaaardeketting ontgin kan word.

Die sprekers vir die dag het ingesluit dr Peter Oberem (besturende direkteur: Afrivet), Gerhard van der Burgh (Datawetenskap en Stelselintegrasie: BFAP) en James Faber (voorsitter: nasionale Rooivleisprodusente-organisasie).

### WAARDEKETTING BESKIK OOR ONBENUTTE POTENSIAAL

In sy praatjie het Van der Burg dit onomwonde gestel dat die rooivleis- en veesektor oor groot onbenutte potensiaal beskik en dat dit belangrik is dat alle belanghebbendes onder 'n gemeenskaplike visie verenig om kritiese intervensies te implementeer ten einde inklusiewe groei te bevorder en te versnel.

Die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf het die potensiaal om teen 2030 met meer as 20% bo 'n "besigheid soos gewoonlik"-scenario te groei, wat 'n bykomende R12 miljard in reële terme by

Suid-Afrika se landbou-BBP per jaar teen 2030 kan voeg. Beesvleis, wat tradisioneel ongeveer 80% van totale formele rooivleisproduksiewaarde uitmaak, sal waarskynlik die grootste bydrae lewer.

Volgens Van der Burg Beste dui skattings daarop dat ongeveer 70% van bemarkbare vleis in hoogs gekommersialiseerde produksiestelsels geproduseer word. Min amptelike inligting is beskikbaar oor die informele sektor, wat op 'n baie laer produktiviteitsvlak funksioneer, maar massiewe ekonomiese en sosio-ekonomiese waarde het wat tans grootliks onderbenut word.

Met tot 'n derde van die nasionale kudde, en moontlik meer, in die hande van kommunale en kleinboere, kan die sektor 'n dinamiese drywer word van inklusiewe groei, landelike ontwikkeling, indiensneming en welvaartskepping in veral verarmde streke regoor die land.

### GROEI VAN UITVOERMARK IS BELANGRIK

Gebaseer op BFAP 2030-projeksies, sal plaaslike beesvleisverbruiksgroei oor die volgende tien jaar waarskynlik nie genoeg wees om die aansienlike groei in beesvleisproduksie te absorbeer nie en daarom sal dit belangrik wees om uitvoermarkte verder uit te brei. Oor die afgelope vyf jaar het uitvoere na die Midde-Ooste en Asië vinnig gegroei, met 21% van die totale uitvoer van beesvleis na Oos-Asië, 43% na die Midde-Ooste en 36% vir die res van

Afrika suid van die Sahara.

Binne die konteks van die Landbou- en Landbouverwerkingsmeesterplan wat onlangs bekendgestel is, is 'n omvattende rooivleiswaaardekettingontleding, met 'n huidige staatsevaluering- en toekomstige staatsenar-io's, deur BFAP en ander vennote uitgevoer. Aanvanklike resultate dui daarop dat die Suid-Afrikaanse beesvleissektor oor die volgende dekade die potensiaal het om jaarlikse tot R8,3 miljard (in reële terme) te groei, met die meeste van hierdie groei wat ontsluit word deur die uitvoeraandeel van produksie van 5% tot 24% te verhoog.

Uitvoere van hoëwaarde-premiumsnitte ondersteun waardekettingwingsgewendheid, terwyl die res van die karkas bekostigbare produkte aan plaaslike verbruikers verskaf. Om hierdie potensiële toekomstige vooruitsig te verwesenlik, meen Van den Burg egter dat sleutel waardekettingintervensies by verskeie nodusse in die waardeketting gerealiseer moet word. Voorrang moet byvoorbeeld gegee word aan nasionale kuddegesondheid- en inentingsprogramme asook gefokusde ondersteuning vir kleinboere/gemeenskaplike produksiestelsels, waar die vermenigvuldigingseffek die hoogste is. Laasgenoemde kan 'n 8% verhoging in produktiwiteit in hierdie produsentekategorie tot gevolg hê, wat neerkom op 'n 44% groei in produksie. 📈



## ALTERNATIVE PARTS YOU CAN TRUST

One of the largest ranges of alternative tractor parts and accessories in the industry.

## 12 MONTHS WARRANTY

We proudly provide all Vapormatic parts with a 12 months warranty.



### ARE THESE PARTS FIT FOR MY MACHINE?

All Vapormatic alternative parts meet the high standards and specifications of John Deere and are guaranteed to fit your John Deere out of warranty machine.



### DO THESE PARTS WORK FOR OLDER MACHINES?

Vapormatic alternative parts especially cater for out of warranty models no matter in which stage of its life-cycle it is.



### ARE THESE PARTS GOOD QUALITY?

This portfolio is supported by industry leading quality control, warranty and unrivaled technical support, ensuring you get top shelf parts for your out of warranty machine.

John Deere alternative through



ASK ONE OF OUR QUALIFIED TECHNICIANS  
ABOUT VAPORMATIC TODAY







# DIE NATUUR MAAK SAAK:

## DIE VERANTWOORDELIKE GEBRUIK VAN CHEMIKALIEË

*Moderne skeikunde het 'n bydrae gelewer tot die landbou-evolusie oor die afgelope eeu, maar die verantwoordelike gebruik van landbouchemikalieë behoort van die uiterste belang te wees vir alle produsente ten einde 'n volhoubare bestuurstrategie daar te stel.*

■ **Annette Willemse**  
Kommunikasiespesialis

Fasiliteerder Theo Vorster en 'n paneel kundiges het hierdie aktuele saak gedurende die tweede besprekingsessie van Nasie in Gesprek by Nampo, Bothaville op Dinsdag, 17 Mei 2022, getakel.

Die paneel het bestaan uit dr Klaus Eckstein (Bayer Southern Africa), Kobus Meintjies (CropLife South Africa), Egon Zunckel (Zunckel Farms) en Jaco Minnaar (Uitsny Boerdery).

Die kern van die gesprek was die fyn balans tussen die verantwoordelike gebruik van chemikalieë, die boer se winsgewendheid en die volhoubare produksie van gesonde voedsel. Volgens dr Eckstein is die huidige tendens om meer met minder te produseer, maar dit moet nie ten koste van die rentmeesterskap van ons nakomelinge wees nie. "Ons moet altyd onthou dat ons nie vir net 'n dag lank boer nie, maar dat ons in toekomstige generasies belê," het dr Eckstein gesê.

Jaco Minnaar, 'n derdegenerasieboer, stem hiermee saam en sê dat wanneer 'n boer vir die toekoms beplan, hy dit doen met die visie

van 50 tot 60 jaar. Rentmeesterskap beteken vir hom dat die regte produk op die regte tyd gebruik moet word. Na aanleiding van 'n vraag oor omgewingsrentmeesterskap, het Zunckel aangedui dat hy 'n bewaarder van die grond is en as sodanig 'n voorstander van vernuwend boerderypraktyke is. Sodanige praktyke stel hom in staat om 'n gesonde natuur na te streef en dit beperk sy gebruik van skadelike chemikalieë.

### CROPLIFE, 'N BETROUBARE VENNOOT

Meintjies het op die rol gefokus wat CropLife South Africa - 'n nie-winsgewende bedryfsorganisasie - speel in die bediening en verteenwoordiging van verantwoordelike vervaardigers, verskaffers en verspreiders van volhoubare oesbeskerming en openbare gesondheidsoplossings in die landbou-, openbare gesondheid- en verbruiksektor van Suid-Afrika.

Hy verduidelik dat dit die organisasie se visie is om omgewingsversoerbare oplossings te verskaf wat volhoubare, veilige en bekostigbare voedselproduksie verseker, en derhalwe voedselsekuriteit in Suid-Afrika. Dit word gedoen by wyse van opleiding, regulatoriese bystand en gereelde beleidsopdaterings aan lede van die organisasie.

### TEGNOLOGIE AAN DIE VOORPUNT

Deur gebruik te maak van sensors, hommeluie, veranderlike toedienings- en ander slimtegnologie, kan produsente nou staat maak op akkurate data vir die bestuur van nie slegs hul chemiese programme nie, maar ook hul oesbeskermingsprogramme.

Dr Eckstein verduidelik dat tegnologie 'n groterwordende rol speel in die bestuur van landbouchemikalieë, maar beklemtoon dat daar nie 'n eenvormige benadering is nie. Die tegnologie wat in Suid-Afrika benodig word, verskil byvoorbeeld radikaal van dit wat in Europa benodig word.

### HOU DIE GESPREK AAN DIE GANG

Die paneellede was dit eens dat landbou en die gebruik van chemikalieë in landbou 'n belangrike besprekingspunt behoort te bly, ter wille van volhoubare en verantwoordelike voedselontwikkeling in Suid-Afrika.

"Deur die gesprek aan die gang te hou, kan ons die totale waardeketting opvoed en ophef, wat 'n groot bydrae sal lewer tot volhoubare en winsgewende landbou, aangesien ons almal rentmeesters van die omgewing en die toekoms is", sê dr Eckstein. 📍



# OOS OWES TUIS BES

MET WILLARD

Min dinge roer 'n Suid Afrikanse boer soos die reuk van vrugbare grond en die wete dat sy implemente in betroubare kondisie is. Betroubaarheid is een van Willard Battery se kenmerkende eienskappe wat al vir meer as 100 jaar gerustheid aan generasies boere verskaf. Met ons vervaardigingsaanleg hier in Suid Afrika, verstaan ons die vereistes wat ons unieke omgewing bied.

Ons legendariese betroubaarheid staan steeds sterk, vandag en vir die toekoms.  
Met Willard Battery is jy tuis.



**WELKOM**



TROTS SA



[www.willard.co.za](http://www.willard.co.za) 0860 12 00 12

**Willard** Batteries®  
THE POWER OF TECHNOLOGY





# SENWES EN BAYER

## VAT HANDE VIR KZN-NOODLENIGING

***Suid-Afrikaners is geneties geprogrammeer om geleenthede te identifiseer en daarop te reageer en meer nog as dit ten goede kan wees vir die groter samelewing.***

■ **Annette Willemse**  
Kommunikasiespesialis

**H**ulp en hoop is immers twee kommoditeite wat altyd in aanvaag is. So meen Francois Strydom, Senwes Groep hoof uitvoerende beamppte, in die lig van 'n onlangse samewerkingsooreenkoms tussen die groep en Bayer Suid-Afrika. Dié ooreenkoms maak dit vir die twee instellings moontlik om noodleniging aan die vloedgeteisterde Kwazulu-Natal te bied.

Danksy 'n ruimhartige skenking van 35,2 ton witmielies vanaf Bayer Suid-Afrika kan Senwes, by wyse van die AVC Relief Umbrella-projek, ongeveer 6 800 sakkies papmeel (in 5kg verpakings) aan kwesbare gemeenskappe in Kwazulu-Natal skenk.

Die skenking sal deur die nie-winsgewende

organisasie, We are South Africans, na die provinsie vervoer en versprei word. Senwes en Bayer Suid-Afrika neem dan ook met trots deel aan die organisasie se GP2KZN-veldtog.

Volgens Hendrik van Staaden van Bayer SA, is dit vir Bayer 'n voorreg om saam met Graan SA en Senwes hierdie hulplening aan te pak. Die impak op die basiese behoeftes van mense wat alles verloor het in vloedgeteisterde gebiede is tragies. "Die kans om te help was daar en ons was in die posisie om daardie hulp te kon gee".

### MEER OOR DIE AVC RELIEF UMBRELLA-PROJEK

Hulpverlening by Senwes vind plaas onder die vaandel van die AVC Relief Umbrella-projek, en volgens Strydom, het dié projek dit ten doel om mense met hulp én hoop by te staan. "Om

'n verskil in mense se lewens te maak, is die hoogste eer," sê Strydom en verduidelik dat die groep 'n klantgerigte besigheidsfilosofie lééf.

Die projek, wat in Mei 2020 geloods is, is juis so ontwerp dat dit noodleniging aan kwesbare gemeenskappe op verskillende vlakke kan fasiliteer. Die projek berus op vyf pilare, naamlik: brandhulp, droogtehulp, humanitêre hulp, Senwes-spesifieke inisiatiewe asook vloedhulp.

Volgens Strydom is dié projek 'n versinbebeelding van samewerking in aksie en is dit 'n voorbeeld van wat gedoen kan word as vennote hande vat. Danksy die betrokkenheid van ander agri-besighede en rolspelers in die landbouwaardeketting, kry die projek dit reg om met elke ton witmielies wat geskenk word, aan meer as 1 450 mense se daaglikse voedselbehoefte te voorsien. Op hierdie manier is daar al 33 536 sakkies 5kg meliameel aan ouetehuse, voedselskemas en plaasskole uitgedeel.

Vir meer inligting skakel vir Mariëtte Hugo, AVC Relief Umbrella projekbestuurder, op 018 464 7505 of besoek <http://www.senwes.co.za/avc-food-umbrella>.



**AMAZONE**GO for Innovation | [amazone.net](http://amazone.net)   

# Certos-2TX – powerful all-rounder

Heavy compact disc harrows | 4 m – 7 m | Ø 660 mm

## » Central running gear

The integrated central running gear equipped with 550/45-22.5 or 400/60-22.5 tyres ensures an excellent manoeuvrability of the machine, both in the field and on the road. The position of the running gear guarantees good implement weight.

## » For medium-deep soil tillage

The 660 mm diameter Certos discs are especially well suited for medium-deep and intensive soil tillage down to 20 cm. Due to the large diameter discs, the incorporation of copious amounts of maize stubble, sunflower residues, catch crops or tilled grassland is no problem. Furthermore, the Certos discs also works ideally under extreme conditions such as on hard and dry soils.

## » Rear rollers


A wide range of rear rollers for reconsolidating the soil are available for all AMAZONE compact disc harrows. Decide which roller suits your farm best!

## » Maintenance-free disc bearings

With no need to lubricate the disc bearings, this results in a significantly reduced overall maintenance time. Face seals have been used for decades in road construction equipment where rollers on the running gear of caterpillar-tracked vehicles have to be effectively sealed and work with complete reliability under the toughest of operational conditions.

## » Hydraulic top brace

The Certos can be equipped with an additional hydraulic top tie bar, in order to be able to compensate for sideways pulling of the machine. The additional cylinder at the rear of the machine allows the simple and very sensitive correction of the machine. Via a double-acting spool valve, the machine can be optimally adjusted from the tractor cab.



Scan here to  
watch the  
CERTOS-2TX video



[info@falconequipment.co.za](mailto:info@falconequipment.co.za)  
[www.falconequipment.co.za](http://www.falconequipment.co.za)  
Tel: +27 (0) 33 330 4764





# THE STATE OF THE ECONOMY: ONWARDS AND UPWARDS

*The world economy is under pressure, and South Africa is not immune to the impact. Input costs are rising, consumer spending is cautious and general turmoil in world markets contributes to a sense of trepidation.*

■ **Annette Willemse**  
Communication Specialist

This unease was the focus of the first discussion session of Nation and Conversation at Nampo Bothaville on 17 May 2022. Theo Vorster facilitated the discussion and led a panel of experts, consisting of Kokkie Kooyman (Denker Capital), Prof Ferdi Meyer (Director: Bureau for Food and Agricultural Policy) and Hugo Pienaar (Bureau for Economic Research) to delve deeper into the current state of affairs, where opportunities are, and what needs to be in place to sustainably move forward.

According to Hugo Pienaar the Covid-situation in South Africa is normalising and South Africa, after four major waves of infections, are learning to live with the pandemic. This means that the economy is on a recovery path. The downside is that after a good first quarter, the war in Russia and Ukraine on the global front, increased loadshedding and the localised flooding in KwaZulu-Natal have put the local economy under severe pressure.

Professor Meyer is of the opinion that high commodity prices paired with high input costs are responsible for economic uncertainty, especially within the agricultural sector. He states that South Africa enjoys export parity for most commodities, which is good news. A warning light, however, flickers in terms of the risk that



exists for when commodity prices do drop given the high input costs.

Asked to comment on the unravelling of the markets, Kooyman, explained that the commencement of the strict Covid-19 lockdown regulations globally gave way to the sharpest economic retraction ever since the principle of supply and demand was fundamentally disrupted. He further ascribes the market turmoil to heightened inflationary pressure due to the war between Russia and the Ukraine that has seen gas and oil prices reaching record highs.

The role of the Agricultural Master Plan was also up for discussion, especially with regards to economic reform within the industry. According to Prof Ferdi Meyer the success of the plan rests on the social compact between government and the private sector. The plan speaks to competitiveness and as such it is important that all social partners agree to the prioritisation of issues. Issues that come to mind include South Africa's inadequate infrastructure and logistical problems throughout the value chain. The latter has, according to Prof Meyer, a greater effect on the national agricultural sector than the war in Russia and the Ukraine. This immense challenge pushes down revenue and infringes on South Africa's food security.

Linking to this Pienaar says that the country's growth rate is negatively impacted not only by the infrastructure and logistical challenges, but also a severe confidence problem. This problem speaks to a lack of private sector

investment together with great uncertainty on the policy front. The reasons for the dysfunctional social compact can be traced back, according to Kooyman, to the fact that ideologically South Africa has a government-led economy and challenges such as cadre deployment and broad-based black economic empowerment have tarnished the trust relationship between partners.

All panellists agreed that the South African economy offers a spark of hope, if the challenges are addressed as a matter of urgency in an accountable and transparent way. In short: The South African population must play a more active role and step to the fore as champions of change. The first step to addressing these challenges was taken by President Cyril Ramaphosa in his State of the Nation address, when he highlighted the cardinal role that agriculture plays in economic regeneration.

Asked what the medium-term future holds, the panellists warn against a period of global introspection when markets will look inwards and possibly give way to South Africa losing market share since the world will change its trade patterns. An example hereof is China's current Zero-Covid policy.

Other factors include the country's energy situation and the need to increase private partnerships. The impact of South Africa's failing infrastructure will also be a determining factor of the country's future growth trajectory. 



# REALISERING VAN **JOU** VOLLE GEELMIELIE- OPBRENGSPOTENSIAAL IS ONS DOELWIT

Jy het gevra vir topopbrengsprestasie oor verskillende opbrengspotensiaalvlakke, produksiegebiede en seisoene – Pannar se geelmieliepakket lewer presies dit. Hierdie stabiele basters is wyd aangepas en agronomies goed gebalanseerd. Jou behoeftes is uniek – daarom bied ons 'n volledige reeks groeiseisoenklasse en agronomiese eienskappe, spesiaal ontwikkel om jou unieke behoeftes aan te spreek en sukses te verseker.

**ONS IS STANDVASTIG AAN JOU, DIE BOER VERBIND.**



*Saam boer ons  
vir jou toekoms™*



[www.pannar.com](http://www.pannar.com)





# VERHOOGDE DIESELRABAT KAN VOEDSELPRIJSE HELP STABILISEER

***Spesifieke ingrydings in die dieselrabatstelsel is 'n volhoubare opsie om die impak van brandstofprysstygings op voedselinflasie te versag, meen Kulani Siweya, hoofekonoom van Agri SA.***

■ **Kulani Siweya**  
Hoofekonoom van Agri SA

**D**aar word reeds sedert die begin van die maand gewaarsku oor aansienlike stygings in brandstofpryse in Junie met skattings van tot R4 per liter vir sommige gebiede as verligting op die algemene brandstofheffing nie verleng word nie. Suid-Afrika het dié week op hete kole gewag vir die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie om aan te kondig wat die brandstofpryse vir Junie gaan wees, terwyl die internasionale prys vir 'n vat olie deur die \$122-merk gebreek het.

Siweya sê 'n styging van R4 sal 'n ernstige uitklingeffek op voedselsekuriteit in die land hê. Daarom is dit noodsaaklik dat die regering alle lewensvatbare opsies moet oorweeg om die impak van kostedruk op voedselprijs te verlig. "Agri SA glo die verhoging van die dieselrabat

aan die landbousektor sal die regering help om dit te doen. Dit is ook 'n meer volhoubare opsie gegewe die huidige druk op die fiskus."

Die landbousektor het reeds die impak van stygende brandstofpryse aan sy sak gevoel. Brandstof is een van verskeie produksiemiddele waarvan die prys skerp gestyg het en verskeie bedrywe in die sektor onder aansienlike druk plaas. Terwyl boere min beheer het oor pryse buite die plaashek, ervaar verbruikers dié kostedruk in die vorm van hoër voedselprijs.

Siweya sê die behoefte aan verligting vir boere is veral dringend omdat verskeie bedrywe in die landbousektor – onder meer somergrane en sitrus – nog oes, terwyl wintergewasse geplant word. "Dit maak hierdie kommoditeite gevoelig vir die huidige prysstyging en lig die behoefte uit aan toegespitte en volhoubare ingryping wat 'n demper op voedselprijs in die komende maande kan plaas."

Hy voeg by dat die plaaslike landbousek-

tor so te sê geen direkte steun by die staat in vergelyking met hul internasionale eweknieë ontvang nie. Die dieselrabat is 'n welkome maatreef wat die plaaslike bedrywe beskerm teen internasionale mededingers wat aansienlike subsidies en ander staatsteun geniet.

Siweya stel voor dat die persentasie brandstof waarvoor boere vir verligting van die padongelukfonds en brandstofheffing in aanmerking kom, verhoog word, of dat die persentasie verligting van die brandstofheffing verhoog moet word. Sô 'n ingryping sal volgens hom die impak van brandstofprysstygings versag en boere se winsgewendheid verseker.

Die departement het intussen aangekondig dat die tydelike verligting van R1,50 per liter op die brandstofheffing tot 5 Julie verleng sal word. Tot 2 Augustus sal die verligting tot 75c per liter verminder word.

\* Die artikel het oorspronklik in Landbou.com verskyn.

# SENWES GRAINLINK IS BEDRYFSGEREED VIR ALLE GRAANONTVANGSTES

## SENWES GRAINLINK

Met verhoogde silokapasiteit, 'n groter bedieningsgebied en meer dinamika diens Senwes Grainlink produsente met pasgemaakte oplossings vir elkeen se unieke behoefte. Met 84 silokomplekse, 19 graanverkrygingskantore, 6 alternatiewe opbergingstrukture en 2 deurvoerpunte.

[www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)





# VIERDE OESSKATTING VIR SOMERGEWASSE MEESTAL ONVERANDERD

*Die Nasionale Oesskattingkomitee (NOK) het in sy vierde skatting vir somergewasse van die 2022-siesoos die produksieskatting van sojabone met 44 850 ton of 2,38% tot 1,93 miljoen ton opwaarts aangepas.*

■ **Annette Willemse**  
Kommunikasiespesialis

**D**ie geskatte oppervlakte van sojabone is 925 300 hektaar en die verwagte opbrengs is 2,09 ton per hektaar.

## MIELIES

Ondanks vrese oor swakker oeste weens die baie reën het die NOK die kommersiële mielie-oes onveranderd op 14,72 miljoen ton gelaat. Die skatting van die oppervlakte onder mielies is 2,6 miljoen hektaar, terwyl die verwagte opbrengs op 5,61 ton per hektaar gereken word. Hoewel die geskatte mielie-oes 10% kleiner is as die 2021-oes, is dit steeds aansienlik meer as die tienjaargemiddeld van 12,8 miljoen ton. Die drie belangrikste mielieproduuserende gebiede, die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes, gaan na verwagting 82% van die 2022-oes oplewer.

Die oppervlakte onder witmielies is 1,58 miljoen hektaar met 'n opbrengs van 4,8 ton per hektaar en vir geelmielies is die oppervlakte 1,05 miljoen hektaar met 'n opbrengs van 6,8 ton per hektaar. Die produksieskatting van witmielies is nou 7,55 miljoen ton en vir geelmielies 7,18 miljoen ton.

Suid-Afrika bly 'n netto uitvoerder met sowat 2 miljoen ton wat uitgevoer sal word in die bemarkingsjaar wat op 1 Mei 2022 begin het. Hiervan is 73 800 ton wit- en 97 800 ton geelmielies reeds in die eerste drie weke van die bemarkingsjaar uitgevoer.

Die oppervlakte beplant met mielies in die nie-komersiële landbousektor word geskat op 378 800 hektaar, wat 'n toename van 4,38% verteenwoordig. Die verwagte mielie-oes van dié sektor is 667 000 ton, wat 4,80% meer is as die vorige seisoen. Van hierdie oes word sowat 47% in die Oos-Kaap verbou en 'n verdere 22% in KwaZulu-Natal.

## SONNEBLOMSAAD

Die produksieskatting vir sonneblomsaad is onveranderd gelaat op 963 000 ton. Die oppervlakeskatting vir sonneblomsaad is 670 700 hektaar, terwyl die verwagte opbrengs op 1,44 ton per hektaar gereken word. Vir die sonneblom- en sojaboones is dit die tweede grootste op rekord.

## ANDER SOMERGEWASSE

Wat ander somergewasse betref, het die NOK die verwagte grondboneoes onveranderd op 70 400 ton geraam. Vir grondbone is die oppervlakeskatting 43 400 hektaar, terwyl die verwagte opbrengs op 1,62 ton per hektaar gestel word.

Die produksieskatting vir sorghum is onveranderd gelaat op 137 220 ton. Die oppervlakeskatting vir sorghum is 37 200 hektaar, en die verwagte opbrengs is 3,69 ton per hektaar.

In die geval van droëbone is die produksieskatting onveranderd gelaat op 55 995 ton. Die oppervlakte beplant is 42 900 hektaar en die verwagte opbrengs beloop 1,31 ton per hektaar. 📱



# Die bewys is in die PRESTASIE



Verken die voordele van ons nuwe basters vir jouself:

Geel: /// DKC72-76BR /// DKC74-74BR /// DKC64-54BR /// DKC66-66BR /// DKC78-78BR

Wit: /// DKC76-77BR /// DKC75-65BR

Besproeiing: /// DKC65-60BR /// DKC64-54BR /// DKC61-60BR /// DKC62-37BR /// DKC66-66BR

Verken tegnologie wat die behoeftes  
van jôu boerdery aanspreek ...

Ontdek die  
**#DEKALBvoordeel**



## Wat beteken die #DEKALBvoordeel vir jou?

Vir ons beteken dit meer as net gevorderde genetika. Dit beteken optimale prestasie, verhoogde opbrengs, ondersteuning in jou boerderybesigheid en 'n pasmaak-gewasbeskermingsportefeulje om jou gewasse hierdie seisoen teen onkruid, insekte en siektes te beskerm. Met **DEKALB** se wye reeks basters, insluitend **Roundup Ready® MAIZE 2**, **YieldGard® MAIZE 2**, stapelgeen- en konvensionele basters, kan jy verseker wees dat jy jou sukses hierdie seisoen sal plant.

[www.cropscience.bayer.co.za](http://www.cropscience.bayer.co.za) /// [www.bayer.co.za](http://www.bayer.co.za) /// Tel: +27 11 921 5002 ///     @DEKALBSA | @Bayer4Crops

Die registrasie-eienaar van **Roundup Ready® MAIZE 2**, **YieldGard® MAIZE 2**, **Acceleron®** en **DEKALB®** is **Bayer AG**, Duitsland.

**Bayer** (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07. Wrenchweg 27, Isando, 1601. Posbus 143, Isando, 1600.



# VUURWAPEN VEILIGHEID

***Met die jageisoen in volle  
swang is hierdie artikel baie  
belangrik om te lees***

■ **Andre van der Merwe**  
Wapenkenner

**Nota:** vir eenvoud word daar in hierdie artikel net na jaggewere verwys, alhoewel die beginsels van vuurwapenveiligheid ook van toepassing is op alle ander vuurwapens.

## **‘N “VREESAANJAENDE OOMBLIK”!**

Professionele jagters praat van daardie eerste keer wat hy 'n nuwe kliënt 'n geweer sien hanteer. Hy kan in die volgende paar minute sien of die jagtog wat voorlê 'n plesier of 'n beproewing of selfs lewensgevaarlik gaan wees. Volgens ervare professionele jagters is daar relatief min risiko om een van die groot VYF te jag. Die oorheersende en immer teenwoordige gevaar is dié van 'n skietvoorval, met die jagter wat dikwels die probleem veroorsaak. Volgens die professionele jagters is daar 'n redelike goeie kans dat jy geskiet kan word indien jy saam met die verkeerde man in die veld beland! Stories van 'n "vreesaanjaende oomblik" toe 'n skoot "onbeplan afgegaan het" is volop wanneer jy saam met die manne om 'n kampvuur gesels.

Relatief min van SA Jagter se lede jag die groot VYF. Ekself het nog nooit nie. Ek aanvaar dat die meeste van ons op een of ander manier kan identifiseer met daardie "vreesaanjaende oomblik" van die professionele jagters. Ek het onlangs so 'n oomblik op 'n skietbaan beleef. Ek was deel van 'n aflossing wat aangetree was op die skietpunt, gereed om met 'n snelskietoefening te begin, met grendels gesluit, snellervingers langs die sneller en geweerlope 45° na die grond gerig in afwagting op die bevel om te skiet. Voor die bevel om te skiet, het die skut regs van my skielik een of ander probleem ontwikkel en wou die aandag van 'n baanoffisier trek. Die skut het na links oor sy skouer (in my rigting) gekyk om die baanoffisier se aandag te trek. Hy begin ook sy lyf draai na links in die proses en saam daarmee swaai

sy geweerloop in my rigting! Uit die hoek van my regteroog waar ek gereed staan met my eie geweer in my skouer, sien ek dit gebeur en beleef ek my persoonlike "vreesaanjaende oomblik"! Niemand by sy gesonde verstand kyk uit eie vry wil in die loop van 'n gelaai jaggeweer nie! Met my verstand is daar niks verkeerd nie en ek weet hoe lyk die wond van 'n dier wat met 'n jaggeweer geskiet is!

Ek kan nie enige iets doen nie want ek staan self met 'n gelaai geweer in my hande waarop ek moet konsentreer! Voor ek kan praat of uitroep, is daar gelukkig 'n ervare en wakker baanoffisier op daardie stadium reg agter die skut, wat net soos ek, die probleem sien ontwikkel. Hy tree vinnig vorentoe en waarsku die skut hardop en sorg dat die gelaai geweer terugswaai in 'n veilige rigting. Hierdie "vreesaanjaende oomblik" het my op die plek 'n paar nuwe grys hare besorg!

## **VUURWAPENEIENAARSKAP IS 'N VOORREG!**

Ons leef in 'n wêreld waar mense toenemend al minder bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul optrede en daar is altyd 'n verskoning gereed om negatiewe of onaantwoordelike optrede te regverdig. Die voorreg om 'n vuurwapen te besit, plaas verantwoordelikhede op die eienaar wat hy onvoorwaardelik moet aanvaar! Indien jy 'n vuurwapen besit, is jy te alle tye verantwoordelik vir die gebruik daarvan – maak nie saak of jy dit self gebruik en of iemand anders dit gebruik nie! Die verantwoordelike vuurwapeneienaar se vuurwapen is altyd toegesluit in 'n wapenkluis of onder sy persoonlike toesig en word nie onbewaak gelaat nie – byvoorbeeld onbewaak in 'n voertuig, op die skietpunt van 'n skietbaan terwyl die skut na die teiken toe stap en waar kinders dit sonder toesig in die hande kan kry en hanteer.

Dit is 'n wonderlike voorreg om kinders en volwassenes bekend te stel aan vuurwapens en die verantwoordelike gebruik daarvan, maar dit moet egter met groot verantwoordelikheid en veilig aan hulle oorgedra word deur wettige vuurwapeneienaars. Kinders moet vuurwapens te alle tye net onder toesig van die vuurwapeneienaar en met toestemming van hulle ouers hanteer.

Dikwels lees en hoor ons van sogenaamde "skietongelukke". Die werklikheid is dat nalatigheid deur mense skietvoorvalle veroorsaak,



## BEPROEF EN BEWESE SONNEBLOMBASTERS VIR TOP PRESTASIE OP **JOU** PLAAS

Pannar se sonneblompakket is jaar na jaar boaan die LNR-nasionale proewe. Met vyf basters in die top tien van die 2020/2021-proewe, het jy die gemoedsrus dat jy van die voorste genetika wat in die mark beskikbaar is, plant. Pannar bied vir jou hierdie toonaangewende genetiese potensiaal in die tegnologie-opsie wat vir jou produksiestelsel geskik is – van konvensionele tot Pannar® handelsmerk sonneblombasters met die Clearfield® Plus eienskap, asook 'n baster met 'n hoë-oliensuurinhoud. Pannar bied ook opsies vir vroeëplant- en -blomdatums om die risiko van Sclerotinia-infeksie te help bestuur. Hierdie basters is wyd aangepas, handhaaf uitstekende opbrengspotensiaal by alle opbrengsvlakke en beskik oor uitsonderlike stabiliteit onder wisselende produksietoestande.

**ONS IS STANDVASTIG AAN JOU, DIE BOER VERBIND.**

LEES EN VOLG ALTYD DIE GEBRUIKSAANWYSINGS SOOS AANGEDUI OP DIE ETIKET.

Die unieke Clearfield® simbool en Clearfield® is geregistreerde handelsmerke van BASF.

™ Handelsmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye. © 2022 Corteva. 2022/SUN/LW/05



**Clearfield® Plus**  
Production System for Sunflower

[www.pannar.com](http://www.pannar.com)





**VUURWAPEN VEILIGHEID ► 30**

dit gebeur nie vanself nie. Wanneer 'n voorval gebeur, is dit altyd die gevolg van die verontagsaming (nalatigheid) van een of meer basiese veiligheidsmaatreëls!

Net soos die nakoming van verkeersreëls vir voertuie, gaan die veilige hantering van vuurwapens oor 'n ingesteldheid en/of houding. Nalatigheid en dikwels 'n traak-my-nie-agtige houding veroorsaak skietvoorvalle. In sekere gevalle word ongelukke selfs veroorsaak deur ervare skuts wat op daardie oomblik nie sy volle aandag wy aan wat hy doen nie – ja, dit is nie net beginners wat ongelukke of foute maak nie. Die ou spreekwoord van “familiarity breeds contempt” is dikwels die rede daarvoor. As gevolg van 'n herhaling van sekere aksies oor 'n baie lang tydperk, raak die hantering van vuurwapens tweede natuur en neig mense om afgestomp te raak en nie te let op wat hulle doen nie. Die hantering van 'n vuurwapen mag egter nooit so outomaties raak dat daar 'n afwesigheid van gesonde verstand en korrekte optrede intree nie.

**DIE VIER ALGEMENE REËLS VIR VUURWAPENVEILIGHEID:**

**Reël 1:** Alle vuurwapens is altyd gelaai. 'n Vuurwapen werk net as hy gelaai is en daarom moet geen persoon ooit aanvaar dat enige vuurwapen wat hy sien of hanteer, nie gereed is om te vuur nie. Selfs wanneer 'n “veilige” vuurwapen aan jou oorhandig word, maak self seker dat dit wel veilig is met die grendel oop, en geen patrone in die kamer of magasyn is nie.

**Reël 2:** Moet nooit die loop van die wapen rig op enige iets wat jy nie bereid is om te vernietig nie. Die feit dat dit nie gelaai is nie, maak geen verskil aan die reël nie. Sien reël 1.

**Reël 3:** Hou jou vinger van die sneller af tot jou visiere of teleskoop op die teiken is. Vuurwapens gaan nie “af” nie, iemand trek die sneller! Die bevoegde skut se vinger is langs die snellerbeuel totdat hy sy teiken bevestig het. Oortreding van reël 3 is verantwoordelik vir meer as 80% van alle skietvoorvalle.

**Reël 4:** Bevestig jou teiken! Moet nooit skiet na iets wat jy nie bevestig het nie. Moet nooit skiet na 'n skadu, geluid, silhouette of enige iets wat jy nie duidelik kan sien en identifiseer nie. Maak ook seker wat is agter jou teiken – wat word van die koeël as dit die teiken mis of dit ten volle penetreer?

Hierdie is die vier algemene reëls vir vuur-

wapenveiligheid. Dié reëls geld altyd: wanneer jy op die skietbaan is, terwyl jy vuurwapens ver-voer, by die huis waar jy dit hanteer, wanneer jy jou wapens skoonmaak, wanneer jy jag of wanneer jy veg om jou lewe (bv. 'n inbreker in jou huis). Indien jy hierdie vier algemene reëls vir vuurwapenveiligheid bestudeer, sal jy sien dat indien alle mense te alle tye die vier reëls toepas, daar nie iets soos 'n “vuurwapen ongeluk” kan wees nie.

**'N VUURWAPEN MOET IN 'N BETROUBARE WERKENDE TOESTAND WEES**

Saam met die vier veiligheidsreëls is dit belangrik dat jy moet sorg dat jou vuurwapen in 'n betroubare werkende toestand is. Daar kan fout gaan met enige meganiese onderdeel soos bv. 'n veiligheidsmeganisme (“safety catch”) of 'n sneller. Daarom is daar net twee veiligheidsmeganismes waarop jy kan staatmaak, 'n goed opgevoede snellervinger (sien reël 3 hierbo) en gesonde verstand (die nakoming van die vier basiese veiligheidsmaatreëls hierbo).

**'N OPGEVOEDE SNELLERVINGER**

Hou skuts op die skietbaan dop om te sien waar hul snellervinger gehou word nadat die grendel gesluit is. Die snellervinger moet altyd reguit langs die snellerbeuel gehou word. 'n Snellervinger hoort net op 'n sneller vir die finale 2 tot 3 sekondes wanneer die skut gereed is om die sneller te trek. Dikwels is 'n skut se vinger reeds op die sneller terwyl hy/sy nog besig is om rond te skuif om die finale skietposisie te vind, lank voor die skut gereed is om die skoot te skiet. Dit is hier waar onbeplande skote dikwels afgevuur word! Daar word met goeie rede in reël 3 hierbo verwys na die feit dat meer as 80% van alle skietvoorvalle die gevolg is van 'n snellervinger wat op die verkeerde oomblik op die sneller was en die sneller getrek is toe die skut nie gereed was daarvoor nie. Jy moet sorg dat jy 'n opgevoede snellervinger het! Indien nie, gaan dit jou een of ander tyd duur te staan kom, met potensieel tragiese gevolge. Stel daardie probleem so gou moontlik reg!

**SNELLERS “TE LIG GESTEL”!**

Daar is 'n tendens by jagters en veral kompetisieskuts, om die snellers van hulle gewere so te stel dat baie min drukking op die sneller benodig word om die slagpen te laat val op die slagdoppie en sodoende die skoot te vuur. Hierdie persone “speel met die leeu se stert” en gaan een of ander tyd 'n onaangename ver-



rassing kry van 'n skoot wat afgaan wanneer dit nie verwag word nie. Weereens 'n skietvooral wat wag om te gebeur met potensieel tragiese gevolge!

Ek het al gesien hoe 'n skoot by meer as een geleentheid op 'n skietbaan afgaan (gelukkig met die loop elke keer in 'n veilige rigting) en die skut wat met 'n ongelowige/geskokte uitdrukking op sy gesig opkyk en sê: "maar my vinger was dan nie op die sneller nie". By navraag het die antwoord van die skut dikwels bevestig dat die geweer se "sneller baie lig gestel is" – soms so lig soos 150 tot 200 gram! Gewere met snellers so lig gestel, gaan baie maklik af wanneer bv. die langmou van 'n hemp of baadjie daarteen skuur en selfs wanneer die grendel toegemaak en gesluit word. 'n Geweer wat so onstabiel is, is meganies onklaar en uiters gevaarlik! 'n Skut wat weet van so 'n probleem op sy geweer, is nalatig as hy die gebruik van so 'n wapen nie dadelik staak en die geweer deur 'n wapensmid laat nasien en regstel nie.

'n Praktiese standaard behoort as 'n minimum ongeveer 1 200 gram (dit is reg 1,2 kg!) op jaggewere se snellers te wees. Vir perspektief: op handwapens vir selfverdediging is 'n redelike standaard tussen 1.8 en 2.7 kg om te verhoed dat daar nie skote afgaan omdat 'n sneller te lig gestel is nie.

### VEILIGHEIDSKNIP ("SAFETY CATCH")

Die gebruik van die veiligheidsknip moet nooit 'n vals gevoel van gerustheid veroorsaak nie en die snellervinger moet bv. te alle tye weg van die sneller (langs die snellerbeugel) gehou word, tot jy gereed is om die skoot te vuur. Die praktyk om die sneller te trek terwyl die aksie toegemaak word op 'n patroon in die kamer, is uiters gevaarlik. Die slagpen rus nou teen die slagdop en indien die kolf van die geweer bv. hard op 'n klip neergesit word, kan die stamp die slagpen net hard genoeg teen die slagdop slaan om die skoot te laat afgaan. 'n Ander voorbeeld is waar die jagter agter op 'n jagbakkie sit of nog erger, staan met die kolf wat op die bak rus met die loop wat vertikaal in die lug op wys. Die stamp van die bak teen die kolf kan so 'n skoot laat afgaan, met tragiese gevolge.

Die loop en aksie moet skoon wees en die korrekte kaliber ammunisie moet gebruik word

Die loop en aksie moet altyd skoon wees en alle olie verwyder uit die loop voor 'n skoot afgevuur word. Wanneer 'n skoot deur 'n loop

met te veel olie gevuur word, versamel die olie in die loop voor die koeël soos die koeël in die loop af beweeg. Die koeël beweeg baie vinniger as die olie, die olie veroorsaak 'n verspering voor die koeël en die gevolg is 'n beskadigde loop met 'n opswelling ("bulge") in die loop. Hoeveel is te veel olie? Ek weet nie, maar ek vat geen kans nie en sorg dat ek die loop skoon-/droogmaak van enige olie met 'n droë lappie op die skoonmaakstok voor ek 'n skoot skiet! Dit geld ook vir water en enige ander vullis soos modder wat in 'n geweerloop kan beland tydens 'n jag. Maak die loop behoorlik skoon na dit gebeur het, voor 'n skoot geskiet word.

Maak ook altyd seker dat jy die korrekte kaliber ammunisie vir jou geweer het voordat jy die kamp verlaat, veral as daar 'n paar jagters met verskillende kalibers in die kamp is. 'n 308 Winchester rondte pas bv. in die kamer van 'n 25-06 Remington (ook 270 Winchester) geweer. Wanneer die skoot gevuur word, word 'n .308 kaliber koeël deur 'n .257 of .277 kaliber loop geforseer met 'n dramatiese verhoging in kamerdruk. Die gevolg sal 'n beskadigde geweer wees en moontlik 'n beseerde skut en selfs omstanders. Die sterkste aksie kan nie die soort druk hanteer nie. Hierdie tipe voorval het al gebeur en dit sal weer gebeur en kan net verhoed word deur te alle tye "gesonde verstand" te gebruik en te verseker dat die korrekte ammunisie vir elke vuurwapen gebruik word. Vir daardie rede is patrone wat los rondlê nooit 'n goeie idee nie. Die praktyk van plastiek of papier ammunisie houers vir patrone waarop elke kaliber duidelik aangeteken is, bly 'n sinvolle oplossing.

### VOURWAPENS IN DIE JAGKAMP

Gewere wat na 'n jagtog in die kamp of huis of enige ander plek gebring word moet veilig gemaak word. Dit is 'n goeie beleid om altyd die geweer en grendel apart te bêre, veral as daar kinders of onervare persone in die jagkamp is. Dit is ook noodsaaklik dat die ammunisie en vuurwapen geskei moet word. Baie jagplase het wapenkluis en dit bly die beste oplossing om 'n vuurwapen veilig weg te sluit wanneer dit nie deur die wapeneienaar gebruik word nie.

### IDENTIFISEER JOU TEIKEN VOORDAT JY SKIET

Identifiseer jou teiken voordat jy skiet! Die volgende verhaal illustreer hoe maklik dit is om 'n fout te maak: 'n Klompie jare gelede neem 'n pa

sy kinders en 'n paar maatjies na 'n gunsteling dassie kolonie om die kinders elk die geleentheid te gee om 'n dassie of twee te skiet vir die plaaswerkers. Gedurende die middag is die 22 Randslag geweer suksesvol onder toesig deur die kinders gebruik om 'n paar dassies te skiet en die springbok jaggeweer vir daardie langer skote wat die dassies van tyd tot tyd gebied het. Die hele middag is veiligheid beklemtoon en elkeen het die paar uur in die natuur terdeë geniet. Toe die son begin sak stap die groepie terug na die plaashuis al langs 'n reeks klipkoppe. Die boer se tiener dogter sien drie honde ongeveer 120 meter weg teen die klipkoppie al snuffelend tussen die rotse. Elkeen wat iets weet van boerdery, weet dat honde wat los op 'n plaas met wild of vee (veral kleinvee) rondloop, baie gou 'n groot probleem word. Een of ander tyd gaan hulle diere begin doodmaak of vermink. Vir hierdie rede dring boere, wat wel hul werkers toelaat om honde aan te hou, daarop aan dat hulle te alle tye beheer word, met die belofte dat enige hond wat alleen in die veld gekry word, op sig geskiet sal word.

Die boer se kinders dring daarop aan dat hulle die honde herken, dat hulle weet wie die eienaars is en dat hy die honde moet skiet. Aangesien daar nie enige opvallende skade is nie, besluit die jagter om die honde bloot skrik te maak met 'n skoot ongeveer 3m bokant hulle teen 'n klip. Met die jaggeweer vir 'n groot "skrikmaak effek", word die skoot geskiet en die koeël klap hard teen die klip..... Die volgende oomblik staan twee swart kinders op tussen die honde waar hulle skuldige gewete hul laat wegkruip het tussen die klippe, toe hulle die jagter en die groepie kinders sien aankom het! Skok en ongeloof is die jagter se eerste reaksie en toe hy agterkom dat die kinders ongedeerd is, besef hy hoe gelukkig hulle was. Die kinders word huiustoe gestuur met 'n waarskuwing en toe die jagter by die plaashuis kom, vertel hy vir die boer wat gebeur het. Daar is 'n Afrikaanse gesegde wat sê: "moenie mak word vir 'n vuurwapen nie" Hoe meer vuurwapens hanteer word, hoe groter raak die gevaar van oor-gerustheid of te veel selfvertroue – moet nooit gerus raak nie en gebruik altyd "gesonde verstand".

### DIE VOLGENDE DOEN JY NIE MET 'N GELAAIDE GEWEER NIE!

Moet nooit met 'n gelaaide geweer op of af van 'n voertuig klim nie, kruis kontroleer met jou



**VOURWAPEN VEILIGHEID ► 33**

jagmaats dat al die gewere agter op die bak en in die kajuit van die voertuig veilig is.

Moet nooit deur 'n heining of in 'n boom met 'n gelaaide geweer klim nie. Die skut moet te alle tye beheer behou oor sy geweer en wanneer sy hande besig raak met ander funksies soos om in 'n boom te klim of deur of bo-oor 'n heining, is jy nie meer in staat om dit te doen nie en is 'n gelaaide geweer op daardie stadium 'n resep vir 'n ongeluk. Moet ook nooit 'n geweer aan sy loop na jou toe nadertrek of optel nie want jy oortree reël 2 – moet nooit 'n vuurwapen rig op enige voorwerp wat jy nie bedoel om op te skiet nie – in dié geval is jy besig om 'n vuurwapen op jouself te rig!

**MOET NIE NA 'N HARDE OPPERVLAK OF WATER SKIET NIE!**

Moet nooit na 'n harde oppervlak of na water skiet nie. Die koeël kan wegstrem en iemand tref. Maak altyd seker dat daar 'n geskikte sandbank is om die koeëls te absorbeer/vang wanneer daar teiken geskiet word. Dit geld ook in die jagveld waar 'n skoot soms in die hitte van die oomblik geskiet word, voor daar gedink word oor wat agter die teiken is. Hierdie is veral 'n probleem op kleiner jagplase waar mense en geboue dikwels baie naby aan die jagter is. 'n Jaggeweerkoeël is potensieel gevaarlik tot op 5 km afhangende van die kaliber en selfs die ligte

22 Randslagkoeël is gevaarlik tot op 1.5 km! Dit behoort enige vuurwapeneienaar te laat besef hoe potensieel gevaarlik 'n "dwaalkoeël" is.

Gebruik van alkohol of narkotiese middels en die hantering van vuurwapens is verbode en mag nie geduld word nie!

Dit is 'n misdryf om vuurwapens (wind-gewere ingesluit) te hanteer terwyl die persoon onder die invloed van 'n stof is wat 'n bedwelkende of narkotiese uitwerking op die persoon het. Sien die Wet op Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000) – artikel 120 (4) – "Misdrywe".

Hierdie is een van die redes waarom die reëls op die skietbane onder beheer van takke van SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging baie spesifiek is oor die gebruik van alkohol of narkotiese middels: Geen persoon (skut of toeskouer) onder die invloed van alkohol of 'n narkotiese middel, mag 'n skietbaanterrein (by formele of informele geleenthede) betree nie en geen persoon (skut of toeskouer) mag alkohol tydens 'n skietoefening (by formele of informele geleenthede) op die skietbaan gebruik nie.

Enige persoon wat bogenoemde reëls van die SAJWV i.v.m. alkoholgebruik oortree, moet identifiseer word en deur die baanoffisier gelas word om onverwyld die skietbaanterrein te verlaat. Die baanoffisier moet die voorval skriftelik by die takvoorsitter aanmeld wat die oortreding by die Hoof Uitvoerende Beampte van die SAJWV aanmeld vir stappe deur die Disiplinêre Komitee. Die rede vir die streng reëls i.v.m. die gebruik van alkohol en/of narkotiese middels behoort voor die hand liggend te wees – ongelukkig is daar die enkelinge wat van tyd tot tyd die punt probeer debattee en dan is hulle dikwels reeds onder die invloed! Net soos met die bestuur van 'n voertuig, hou 'n persoon onder die invloed van alkohol en/of narkotiese middels, 'n onaanvaarbare risiko in vir hom/haarself en veral vir ander persone! Daarom is daar wetgewing wat altwee aktiwiteite (die bestuur van 'n voertuig en die hantering van 'n vuurwapen) onder die invloed van alkohol en/of narkotiese middels verbied, met drastiese gevolge vir die persoon wat die wetgewing oortree!

Wat vuurwapeneienaars betref, mag die hantering van vuurwapens saam met die gebruik van of onder die invloed van alkohol en/of narkotiese middels, onder geen omstandighede toegelaat word nie en moet daar daadwerklik opgetree word teen individue wat hulself daaraan skuldig maak.

**KIES JOU JAGMAATS MET GROOT SORG!**

Op die skietbaan is daar baanoffisiere wat verseker dat elkeen by die reëls hou, maar nie in die jagveld nie! Kies jou jagmaats met groot sorg, dit is waarskynlik een van die belangrikste items vir jou jagbeplanning! Onveilige vuurwapenhantering moet nie geduld word nie en die persoon wat hom/haarself daaraan skuldig maak, moet dadelik en in baie duidelike taal reggehelp word. 'n Jagmaat wat argumenteer hieroor en nie verantwoordelikheid erken vir sy optrede en regstellend wil optree nie, is 'n skietvooral wat wag om te gebeur en jy kan dalk die slagoffer wees! Ek sê weer: "Kies jou jagmaats met groot sorg!"

Verwerp ander mense se respek en waardering deur te alle tye onberispelik op te tree wanneer jy 'n vuurwapen hanteer. Dit is altyd 'n plesier om 'n persoon dop te hou wat 'n vuurwapen konsekwent veilig hanteer. Ek vertrou jy is een van daardie vuurwapeneienaars wat graag deur ander skuts en jagters saamgenooi word na die skietbaan en jagveld, aangesien hulle weet dat jy te alle tye 'n veilige vuurwapen-hanteerder is!

**JOU KEUSE AS VERANTWOORDELIKE VUURWAPENEIENAAR**

As verantwoordelike vuurwapeneienaar gaan jy met persone te doen kry wat hulle skuldig maak aan een of ander vorm van onveilige wapenhantering en jy kan kies om niks te doen nie of om op te tree! Indien jy kies om niks te doen nie wanneer jy onveilige optrede sien, versuim jy jou plig en indien iemand beseer of gedood word a.g.v. die onveilige vuurwapenhantering van so 'n persoon, gaan jy jouself kwalik neem of jy kan selfs die slagoffer wees van die skietvooral!

Slegs met 'n benadering van "geen toegewings nie" en daadwerklike optrede teen oortreders, gaan jy weet dat jy veilig is saam met jou skiet- of jagmaats. 'n Persoon wat volhou met "onveilige" gedrag en weier om dit reg te stel, moet deur medeskuts daarop gewys word dat hy/sy nie welkom saam met hulle is op die skietbaan of in die jagveld nie! Hierdie is 'n verantwoordelikheid wat dikwels nagelaat word aangesien "jy bang is dat die ander persoon sal aanstoot neem". Die persoon kan aanstoot neem net soveel hy/sy wil – tree regstellend op of dra die gevolge!

Wanneer iemand raakgeskiet is, is dit te laat vir trane en verskonings! **Vuurwapenveiligheid is elkeen se besigheid!** 📢



# WINTER GARDENING

## TIPS TO IMPROVE YOUR SUMMER REFUGE

*You may think that winter is the perfect time to give your green fingers a rest, yet there are many plants and veggies that thrive during this chilly team of the year.*

■ **Annette Willemse**  
Communication Specialist

**A**nd just in case you were wondering what you can do to tie your garden over until spring arrives, read on!

### 1. CHANGE YOUR GARDEN LAYOUT

Winter reveals the bones of your garden with (most of) its leaves and florals stripped away – the perfect opportunity to consider another layout.

If you live in a region with dry winters (i.e. Free State), maybe think about what a new pergola (or archway, or pathway, or differently designed beds) can mean for your garden come spring.

### 2. GET PRUNING

For many plants, the best time for pruning is when they're dormant. Apples, pears, and many roses fall into this category – fail to prune in winter and you'll be pruning for failure after winter.

### 3. PLANT SOME WINTER ANNUALS

There's no reason why your garden needs to be a dead oasis for 3+ months every year. Seeds of petunia, dianthus, African daisy, Bokbaai vygie, Iceland poppies, violas, pansies, foxgloves, and snapdragon have proven to be quite hardy to frost! 🌱





**Vir winterlekkie wat jou sak pas**

**Winterlek**

Jou diere verdien net die beste. Wanneer dit kom by hul welstand, is daar geen kortpaaie nie. Gebruik jou eie plaasgeproduseerde produkte saam met Yara Animal Nutrition SA se produkte en spaar. Maak Yara jou vennoot in die verskaffing van kwaliteitprodukte en resepte om jou lekkoste drasties te verminder.

Voorbeeld van 'n winterlek vir beeste en skape:

|                                 | Beeslek    | Skaaplek    | Samestelling               | g/kg       | g/kg       |
|---------------------------------|------------|-------------|----------------------------|------------|------------|
| Mielie-meel/Hominy Chop         | 250        | 250         | Ruproteien                 | 475        | 367        |
| Oliekoek                        | -          | 150         | % Vanaf NPN                | 95.6       | 77.5       |
| Voergraad Ureum                 | 150        | 100         | ME                         | 3.8 MJ/kg  | 5.25 MJ/kg |
| Kimtrafos 12 Grandé/PhosSure 12 | 150        | 100         | Kalsium                    | 41         | 27         |
| Kalori 3000                     | 50         | 50          | Fosfaat                    | 21         | 14         |
| Voergraad Swael                 | 7          | 5           | Swael                      | 8          | 5          |
| Sout                            | 350        | 350         | Inname Beeste (g/bees/dag) | 350-500    | 450-650    |
| <b>Totaal</b>                   | <b>957</b> | <b>1005</b> | Inname Skape (g/skaap/dag) | Nie geskik | 80-120     |

**Innoverende oplossings in dierevoeding!**

[www.yara.co.za/animal-nutrition/](http://www.yara.co.za/animal-nutrition/)  
animal.nutrition.sa@yara.com | Tel: +27 (0)31 910-5100

Kalori 3000 - Reg. Nr. V2809, Voergraad Ureum - Reg. Nr. V15681, Voergraad Swael - Reg. Nr. V16738, Kimtrafos 12 Grandé - Reg. Nr. V18670, PhosSure 12 - Reg. Nr. V12858. Alle produkte geregistreer onder Wet 36 van 1947  
Yara Animal Nutrition Suid-Afrika (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2001/025850/07





## Kos vir die siel



## RUS-RITME:

■ Ds Marike Jacobs

**D**is wintertyd – die tyd waar ons meer in ons huise is, om weg te kruip vir die koue. Onthou jy 2020? Toe daar nie kerk of skool of sport was nie? Toe ons steeds gewerk het, maar ook tyd gehad het om self brood te bak – ek sê: 'tyd gehad het' en neem nie aan dat jy dit self gedoen het nie. Voel dit vir jou so bietjie soos 'n snaakse droom? Aangesien jy deesdae weer in die kar jou broodjie eet, want jy het nie tyd om te sit nie. Hoekom is ons so moeg? Is dit God se plan vir ons?

In **Genesis 2:2-3** word 'n gereelde en ritmiese rustyd, in die openingsverhaal van die Bybel, opgeteken. God stel dit in, voor die satan en sonde op die prentjie verskyn. Die dag toe God die rusdag instel, toe is dit die eerste ding wat Hy heilig noem. Die res van die skepping is 'goed'. Iets wat heilig is, is apart gesit en spesiaal verklaar. Dis om dinge te doen wat jy nie op die ander dae doen nie. Hoe lyk só 'n dag vir jou?

God het tien dinge gekies, dat as die mens hierdie tien dinge kan doen, gaan die mens gelukkiger; gebalanseerd; vervuld en 'n goeie lewe hê. Daar is een van hierdie tien wat ons op 'n gereelde basis breek: 'ek het in hierdie maand nog nie een afdag gevat nie'. In Eksodus 20, waar ons die tien gebooie lees, word God se rus na die skepping, as argument aangevoer hoekom ons moet rus. Laat een dag uit sewe, demonstreer dat alle grondstowwe; diere; asem; lewe; krag; denke en emosie van God af kom.

Wat is rus vir jou en wat bedoel die Here met rus? Sondae het net soos al die ander dae van die week geword. En die lewe het vir ons gewys dat as jy nie in die ritme van rus inkom nie, dan brand jy uit. Jou rus by God lyk dalk anders as myne, maar die punt is dat jy rus in jou lewe sal inbou en dat jy intensioneel daaroor is. Die rusdag is daar om geestelik te groei, ons blindekolle te ondersoek en ons perspektief te verander. Mag hierdie wintertyd jou weer herinner om te rus by God. 📖

Winter is vir  
sopliefhebbers

Verdryf die winterkoue met dié liplekker patat-en-lensiesop

■ Sarie Resep 2017

## BESTANDELE

- 20 ml kerriepoeier
- 60 ml olyfolie
- 2 uie, gekap
- 3 knoffelhuisies, fyngekap
- 1 appel, geskil en gerasper
- 1 cm vars gemmer, fyngeasper
- 800 g patats
- 1 x 400 g-blik rooi lensies, gedreineer
- 1 200 ml groente-aftreksel
- Sout en varsgemaalde swartpeper
- 300 ml melk
- 100 g bokmelkkaas

## METODE

- Verhit 'n kastrol oor matige hitte.
- Droogrooster die kerrie in die warm pot vir so 20 sekondes. Voeg olyfolie by en verhit tot speserye braai. Voeg uie en knoffel by en braai vir 1 minuut. Voeg appel en gemmer by en braai vir nog 2 minute.
- Voeg patats, lensies, aftreksel en melk by. Geur goed met sout en peper.
- Kook vir 25 – 30 minute of tot die patats sag en gaar is. Maak fyn in 'n voedselverwerker. Skep in opdienbak en krummel kaas oor.


\* As die sop te dik is, voeg nog melk by. 📖

# BOER VOORUIT

MET DIE SENWES TOEP

Die Senwes Toep is ontwikkel met **JOU** in gedagte en daarom is dit vir ons belangrik dat jy presies weet wat die funksionaliteit daarvan is en hoe die toep werk sodat dié oplossing jou in staat stel om al jou inligting in die palm van jou hand beskikbaar te hê, waar en wanneer jy dit nodig het.

## WAT BIED DIE SENWES-TOEP?



- **Markpryse:** Intydse markpryse, nasionaal en internasionaal, verseker dat jy jou vinger op die landboupols hou.
- **Kliënte-paneel (Client Dashboard):** 'n Alles-insluitende portaal met jou agri-besigheidsnoodsaaklikhede soos fakture, state, graankontrakte en dienste asook persoonlike landboufinansieringsinligting.
- **Nuus:** Geniet die gerief van verskeie nuusbronne soos Senwes, Hinterland, Senwes Scenario, alles op een plek.
- **State:** Besigtig die balans van jou maandrekening en laai ook jou maandstate in PDF formaat af.
- **FAQ's:** Sukkel jy met 'n probleem? Lees deur die vermaanse vrae en hul antwoorde, jou oplossing is waarskynlik reeds hier gelys.
- **Markneigings:** Termynkontrakte, brandstof, reëval %, oesskattings per provinsie, trekkerverkope.
- **Graanbedryfsinligting:** Besigtig en bestuur alle graan- en silo-inligting vanaf graankontrakte tot afleverings met die Senwes Toep.
- **Betrekkinge:** Verkry toegang tot die nuutste betrekkinge binne die groep van maatskappye.
- **Aandeelhouer-inligting:** Besigtig al jou aandeelhouer-inligting in een gerieflike plek.
- **Besigheidseenheid-opspoorer:** Geoligging-funksionaliteit stel jou in staat om onmiddellik inligting oor Senwes besigheidseenhede te bekom.

Senwes 

[www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)



## Hoe om die Senwes Toep af te laai?

- Google Play Store by <http://senwes.co/playstore>
- Apple App Store by <http://senwes.co/appstore>
- Huawei AppGallery by <http://senwes.co/appgallery>







**JOHN DEERE**  
FINANCIAL

# WHY FINANCE WITH **JOHN DEERE FINANCIAL?**

John Deere Financial offers value that no other lender can — a deep understanding of your industry, unmatched equipment expertise, and personal financial solutions. We can make owning and operating equipment easy and affordable with competitive rates and flexible terms.

For generations, John Deere Financial has been here to provide financing even when other lenders leave the table — or even leave the market. And without question, we'll be here for you in good times and in bad. It's about building an enduring relationship by making sure your financing works as hard and as reliably for you as your equipment does.

After all, your success is our sole focus — your business is why we're in business. John Deere Financial is committed to being your preferred financial resource.

## CONVENIENT

- Nothing less than world-class support
- Multiple finance solutions for the products and services you need — quickly and easily arranged through your dealer at the time of purchase
- Processes designed to assist you in the smoothest, most efficient way

## COMPETITIVE

- Customized solutions — help choosing the best financial mix to support your needs
- Unmatched industry expertise
- Tailored terms, flexible payments, and cost-effective maintenance plans

## COMMITTED

- Proactive support — we work with you through your financial ups and downs
- Vested interest in saying yes — we'll find solutions to keep you in your equipment and on track for future success
- As a finance company owned and operated by John Deere, we are focused on products built by John Deere

## INSIGHTFUL

- Down-to-earth, accessible, and responsive service
- Customer service team that thoroughly understands your industry and the challenges customers face
- Financing solutions for real life



***John Deere Financial can help make owning and operating John Deere equipment easy and affordable.***

*Connect with your John Deere Financial Representative today to learn more.*

[www.deere.africa](http://www.deere.africa)

[africa@johndeere.com](mailto:africa@johndeere.com)

Customer Care: 0800 983 821

JohnDeereAME    John Deere 

John Deere Africa & Middle East 